


Die koop en verkoop van kinders in Suid-Afrika – behoorlik gestraf, of ’n ware winskoop?

 litnet.co.za/die-koop-en-verkoop-van-kinders-in-suid-afrika-behoorlik-gestraf-of-n-ware-winskoop

24 June 2020



Die koop en verkoop van kinders in Suid-Afrika – behoorlik gestraf, of ’n ware winskoop?

Beatri Kruger, Sentrum vir Menseregte, Universiteit van die Vrystaat*

LitNet Akademies Jaargang 17(2)

ISSN 1995-5928

Die artikel sal binnekort in PDF-formaat beskikbaar wees.

Opsomming

Hierdie bydrae ondersoek in watter mate kinderhandel in Suid-Afrika vervolg en gestraf word deur die beskikbare regsmeddele ter bekamping van dié misdryf uit ’n strafregtelike hoek te verken. ’n Oorsig van tersaaklike internasionale en streeksverdrae, en van die ontwikkeling van wetgewing teen mensehandel in Suid-Afrika voor 2015, bied die nodige agtergrond vir ’n kritiese ontleding van die bepalinge van die Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013 (die Wet op Mensehandel), spesifiek in soverre dit op kinderhandel betrekking het. Die ontleding bring aan die lig dat die wet grotendeels aan internasionale standaarde voldoen, wat die doeltreffende vervolging van kinderhandel moontlik maak. Ten einde te bepaal in watter mate kinderhandelaars in Suid-Afrika aan die pen ry, word vervolgens vonnisoplegging in ’n aantal kinderhandelsake bespreek. Uit die beskikbare inligting blyk dit dat veroordeelde kinderhandelaars betreklik swaar gestraf word, in baie gevalle selfs met veelvuldige lewenslange tronkvonnisse. Dus kan daar tereg gesê word dat kinderhandel in Suid-Afrika nie straffeloos geskied nie. Nogtans dui die ondersoek in hierdie bydrae ook op wesenlike knelpunte in die regsraamwerk. Dít sluit in onsekerheid oor die presiese betekenis van die begrip *uitbuiting* in mensehandel-verband, artikels 15 en 16 van die Wet op Mensehandel wat steeds nie in werking is nie, onsekerheid oor die

beskikbaarheid van beskerming vir buitelandse kinderslagoffers, en die wetgewer se versuim om die plegers van die ernstigste mensehandel misdade by die kinderbeskermingsregister in te sluit. Verbeteringe aan die land se wetgewing om hierdie knelpunte reg te stel word aan die hand gedoen; die voorgestelde verbeteringe sal die wetgewing teen mensehandel versterk en verfyn tot 'n meer doeltreffende instrument wat suksesvolle vervolgings kan bevorder en straffelose kinderhandel toenemend kan stuit.

Trefwoorde: kinderhandel; mensehandel; Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act; uitbuiting; vervolging

Abstract

Buying and selling children in South Africa – properly sanctioned, or an absolute steal?

The heinous crime of child trafficking is an alarming concern worldwide, and also in South Africa. For the past five years international reports on human trafficking have identified South Africa as a country of origin, transit and destination for victims of human trafficking.

Historically chattel slavery, typified by buying and selling people in public, overtly sanctioned forced labour, abuse and exploitation. In contrast, human trafficking emerged as a flourishing, but hidden criminal business. Rather than obvious physical restraint, traffickers torment victims violently behind the scenes, while using psychological control mechanisms increasingly to coerce victims into compliance. This clandestine feature of human trafficking significantly obstructs the identification and successful prosecution of human traffickers. Accordingly, trafficking is considered a crime of vast impunity. Children are often traffickers' commodity of choice, for they are easier to control and manipulate owing to their vulnerability, especially when isolated from their families. For this reason, it is upsetting that the 2019 report of End Child Prostitution, Child Pornography and Trafficking of Children for Sexual Purposes (ECPAT) identified South Africa as a "hub for child trafficking".

Against this background, a burning question is whether perpetrators also traffic children in South Africa with impunity. Several publications cover child trafficking in general, but whether this crime is being combated through successful criminal prosecutions in South Africa has not been extensively investigated. This contribution aims to address this gap by exploring, by way of a qualitative literature review and legal analyses, the combating of child trafficking in South Africa from a criminal law perspective.

Several international and African instruments adopted before 2000 contain provisions related to child trafficking. However, none of these instruments provides comprehensive protection for child victims of trafficking, nor do they clearly define child trafficking. The shortcomings in these instruments were addressed in 2000 with

the adoption of the United Nations Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children (Trafficking Protocol). This universal instrument addresses human trafficking comprehensively and provides the first internationally accepted definition of trafficking adult as well as child victims. Importantly, the protocol proclaimed international minimum standards for combating this crime. State parties to this treaty, such as South Africa, are required to comply with these standards in national laws by preventing human trafficking, protecting victims and their human rights, prosecuting and appropriately punishing perpetrators, and partnering with other countries in combating the crime.

In South Africa, pending the finalisation of all-inclusive legislation that complied with the protocol's standards, interim provisions were initially incorporated into existing legislation, namely the Children's Act 38 of 2005 and the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 of 2007. However, these interim provisions failed to comply fully with international standards. Eventually, the comprehensive Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 of 2013 (Trafficking Act), which covered all forms of trafficking, came into operation on 9 August 2015.

Section 4(1) of the Trafficking Act criminalises human trafficking by defining the three key elements of the crime as follows:

Any person who delivers, recruits, transports, transfers, harbours, sells, exchanges, leases or receives another person within or across the borders of the Republic, [*element 1: conduct*] by means of—

- (a) a threat of harm;
 - (b) the threat or use of force or other forms of coercion;
 - (c) the abuse of vulnerability;
 - (d) fraud;
 - (e) deception;
 - (f) abduction;
 - (g) kidnapping;
 - (h) the abuse of power;
 - (i) the direct or indirect giving or receiving of payments or benefits to obtain the consent of a person having control or authority over another person; or
 - (j) the direct or indirect giving or receiving of payments, compensation, rewards, benefits or any other advantage, aimed at either the person or an immediate family member of that person or any other person in close relationship to that person,
- [*element 2: method*]

for the purpose of any form or manner of exploitation, [*element 3: exploitative purpose*] is guilty of the offence of trafficking in persons.

In compliance with international standards, the Trafficking Act requires that one of the prohibited forms of conduct be committed by any of the listed methods for any exploitative purpose to constitute human trafficking. According to the Trafficking

Protocol, the three core elements of human trafficking apply only to adult trafficking, while the method element is expressly waived for child trafficking. Regrettably, the Trafficking Act does not specifically refer to “child trafficking”, nor does it provide explicitly that only two elements, the prohibited action and the exploitative purpose, are required for child trafficking. Still, based on various arguments, it appears that the Trafficking Act is interpreted in line with international law by requiring that only the key conduct and purpose elements, without any use of illicit means, be proven for a conviction for child trafficking.

Apart from the trafficking crime, the Trafficking Act established several other trafficking-related offences to protect victims, including debt bondage, confiscation of travel documents and knowingly using the services of trafficked victims. Specific protection for child victims is provided by criminalising non-reporting of a trafficked child, as well as adopting or concluding a forced marriage with the purpose of exploiting the child.

International law requires not only the criminalisation of human trafficking in domestic law, but also provision for deterrent and proportionate criminal sanctions. The Trafficking Act acknowledges the grave nature of the crime by providing for severe penalties and a list of aggravating factors that sentencing courts must consider. The main trafficking offence carries a maximum fine of R100 million or imprisonment for life, or both.

Acknowledging that the Trafficking Act criminalises child trafficking and provides for stringent sanctions, the question remains whether the act is being implemented to secure convictions. Gaining access to official trafficking data and court records of child trafficking cases in South Africa is exceptionally challenging, as only a few of these cases are reported in law reports. Still, 20 convictions in child trafficking cases could be traced during the research for this contribution. A brief discussion of 16 of these cases provides new insights into child trafficking in South Africa in general and into sentencing in particular. The court cases revealed the trafficking of girls for sexual exploitation as the most detected form of trafficking. Convicted traffickers, men as well as women, were either from South Africa or nationals of Mozambique, Zimbabwe, Lesotho, Nigeria and Burundi. Minor girls, often as young as 11 years old and one even mentally disabled, were trafficked for sexual exploitation within and across the borders of South Africa. Girls were trafficked from the neighbouring countries of Mozambique, Lesotho and Zimbabwe to South Africa as destination country. Worth mentioning is that one girl was trafficked under the guise of the *ukuthwala* cultural practice, while the first conviction for online sexual exploitation was also recorded. Female family members of an orphaned girl from Lesotho lured her to South Africa, registered her on an internet website and then forced her to perform sexual acts online to paying customers. Other forms of child trafficking for which there were convictions included a mother trying to sell her baby on Gumtree for R5 000, and female traffickers arranging

the “adoption” of orphaned or kidnapped children by selling them to “adoptive parents”. In the first (and only) labour trafficking case a boy of only 6 years old was trafficked from Mozambique to South Africa.

As far as sentencing is concerned, stringent penalties were imposed. Almost all traffickers received lengthy prison sentences. In several cases the court imposed life sentences or even multiple life sentences. Therefore, a justified assertion is that children are not trafficked with total impunity in South Africa.

Despite the successful implementation of counter-trafficking legislation to secure convictions, several problematic issues have been identified in the legal framework. These include the uncertainty about the exact meaning of the concept of *exploitation* in the trafficking context, the fact that sections 15 and 16 of the Trafficking Act are still not in operation, a lack of certainty about the availability of definite protection for foreign victims and the legislature’s failure to include perpetrators of serious trafficking crimes in the National Child Protection Register. Recognising the urgency of prioritising these issues, improvements are suggested for honing counter-trafficking legislation into a sharper instrument to advance successful prosecutions and stop the trafficking in children as a crime of impunity.

Keywords: child trafficking; exploitation; human trafficking; Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act; prosecution

1. Inleiding

Slawerny is in 1834 in Suid-Afrika verban¹ en die openlike koop en verkoop van mense om dwangarbeid te verrig is dus lank reeds teen die wet. Tog beteken *verbode* nie altyd *verby* nie. Die praktyk blyk voort te leef in die hedendaagse verskynsel van mensehandel (“trafficking in persons”, “trafficking in human beings” of “human trafficking”),² hoewel in ’n ander, versluiserde gedaante:

[I]n contrast to historical slavery systems characterized by whips, chains, and physical imprisonment, modern-day slavery is less overt, typically with no obvious visible signs of restraint. Rather, psychological abuse, coercion and mental manipulation play a powerful role in forcing modern-day slaves to work in a variety of industries. Psychological abuse and coercion are easier to conceal than more physical forms of restraint and control and so modern slavery represents significant challenges in terms of both recognition and prevention.³

Tradisionele slawebesit (*chattel slavery*) was dus meestal maklik om uit te ken, en is openlik bedryf. Hierdie slawe, dikwels in kettings of in ’n slawejuk geboei, is in die openbaar op markte verhandel om dwangarbeid te verrig. Daarteenoor is hedendaagse mensehandel ’n verskuilde bedryf. Uitgeslape handelaars werk meestal agter die skerms, van waar hulle hul slagoffers op verskeie maniere ongesiens beheer en uitbuit. Slagoffers verduur dikwels sowel fisieke as sielkundige marteling, dog is gewoonlik te bang vir vergelding om handelaars se herhaalde misdadige optrede aan te meld. Hierdie

houvas op slagoffers verseker dus as't ware die klandestiene voortbestaan van dié bedryf. Dít maak mensehandelaars vreesloos teenoor die gereg, en die misdaad van mensehandel dikwels straffeloos.⁴ Etlike mensehandelaars bedryf ongestoord 'n onwettige dog besonder winsgewende onderneming met weinig gevaar van inhegtenisneming: "The existence of a general culture of impunity for those involved in the exploitation of trafficking victims is beyond dispute. Traffickers ... are seldom arrested, investigated, prosecuted or convicted."⁵

Veral kinders word as 'n maklik verhandelbare, sukkelvrye kommoditeit beskou. Hul kwesbaarheid, in die besonder wanneer handelaars hulle van hul gesinne en ander hulpbronne skei, maak hulle makliker om te manipuleer en te beheer. Gevolglik gedy die kinderhandelbedryf wêreldwyd, ook in Suid-Afrika.⁶

Hoewel daar reeds baie oor kinderhandel in die algemeen gepubliseer is, is die strafregtelike bekamping van dié misdaad in Suid-Afrika nog nie omvattend ondersoek nie. Die doel van dié bydrae is dus om hierdie leemte te vul deur by wyse van 'n kwalitatiewe literatuurstudie en regsontleding die bestryding van kinderhandel in Suid-Afrika uit 'n strafregtelike oogpunt te verken. Ná 'n oorsig van mensehandel in Suid-Afrika volg 'n bondige samevatting van die internasionale en streeksraamwerk van konvensies en verdrae teen mense- en kinderhandel. Daarna verskuif die aandag na die ontwikkeling van tussentydse wetgewing teen mense- en kinderhandel in Suid-Afrika voor 2015. Voorts volg 'n kritiese ontleding van die bepalings oor kinderhandel in die Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013 (hierna "die Wet op Mensehandel") vergeleke met internasionale minimum standaarde. Om te bepaal of die Suid-Afrikaanse wetsraamwerk suksesvolle vervolging van kinderhandelaars in die hand werk, word vonnisoplegging in 'n aantal tersaaklike hofsake bespreek. Laastens word bepaalde knelpunte in die huidige wetsraamwerk uitgelig, tesame met voorstelle ter verbetering om die suksesvolle bekamping van kinderhandel te bevorder.

2. 'n Oorsig van mensehandel in Suid-Afrika

Die internasionale gemeenskap beskou Suid-Afrika reeds vir meer as vyf jaar as 'n land van oorsprong, deurgang én bestemming vir slagoffers van mensehandel.⁷ Die land is die eindbestemming van menige slagoffer uit veral elders in Suider-Afrika, terwyl dit as oorsprong en deurgang vir mensehandel na hoofsaaklik Europa en Noord-Amerika dien.⁸ Suid-Afrikaanse kinders word sowel binne as oor die landsgrense verhandel.⁹ Werwing van slagoffers vind meestal in landelike gebiede plaas, waarna hulle na stede soos Johannesburg, Kaapstad, Bloemfontein en Durban geneem word. Hier word meisies aan sekshandel en gedwonge huisarbeid blootgestel, en word seuns gedwing om aan straatmouery, voedseldienste, bedelary, misdadige aktiwiteite en landbou deel te neem.¹⁰

So onlangs as 2019 het die VSA se Departement van Buitelandse Sake in hul verslag oor mensehandel op tekortkominge in Suid-Afrika se bekamping van mensehandel gewys. Dié omvangryke jaarverslag oor mensehandel moniteer en evalueer die intervensies teen mensehandel van regerings wêreldwyd.¹¹ Suid-Afrika is trouens in sowel 2018 as

2019 op die vlak 2-waaklys in die verslag geplaas.¹² Dít beteken dat die Suid-Afrikaanse regering, ondanks beduidende pogings, nog nie aan die minimum vereistes vir die uitwissing van mensehandel voldoen nie.¹³ Luidens die verslag buit handelaars in Suid-Afrika slagoffers op verskillende maniere uit, soos om in fabriek, restaurante, hotelle of op plase dwangarbeid te verrig, in die kommersiële seksbedryf dienste te lewer, en aan misdade soos dwelmhandel deel te neem.¹⁴ Verder ontbreek die vervolging van veral internasionale sindikate en korrupte, medepligtige staatsamptenare,¹⁵ wat die bekamping van die misdaad in die wiede ry en mensehandel dikwels ongestoord en straffeloos laat voortduur.

Soos in die res van die wêreld, is daar ook nie in Suid-Afrika akkurate, amptelike statistieke oor die presiese omvang van mensehandel beskikbaar nie,¹⁶ hoofsaaklik omdat dit 'n komplekse, diverse en veelsydige misdryf is wat moeilik is om vas te pen.¹⁷ In teenstelling met 'n eenmalige misdadige voorval, soos 'n enkele moord, is mensehandel 'n meerfasige proses van veelvuldige misdade deur meerdere oortreders wat hul slagoffers voortdurend op nuwe, slinkse maniere beheer en uitbuit.¹⁸ Boonop word die misdade selde aangemeld, onder andere weens slagoffers se vrees vir vergelding, of as gevolg van die komplekse “traumaband” wat soms tussen slagoffer en handelaar ontwikkel.¹⁹ Juis daarom sê Aronowitz:²⁰ “Because trafficking is a criminal, clandestine operation, there will always remain a dark number of victims and offenders who are never identified.”

Ook Van der Watt beskryf pogings om die omvang van mensehandel te bepaal as 'n “statistiese nagmerrie”, maar beklemtoon terselfdertyd dat die misdaad 'n onbetwisbare werklikheid in Suid-Afrika is²¹ – soos die howe se skuldigbevindings in kinderhandelsake ook bevestig.²² Dus behoort dit nie te verbaas nie dat Suid-Afrika in 2019 in 'n verslag van die internasionale burgerlike samelewingsnetwerk ECPAT (End Child Prostitution, Child Pornography and Trafficking of Children for Sexual Purposes) beskryf is as 'n middelpunt vir kinderhandel en 'n prima bestemming van waar internasionale sekshandelsindikate sake doen.²³ Doelgerigte optrede teen kinderhandel in Suid-Afrika is dus noodsaaklik en dringend.

3. Regsinstrumente met betrekking tot kinderhandel

Die Verenigde Nasies (VN) se Universele Verklaring van Menseregte het reeds in 1948 slawerny in alle vorme verbied, en verklaar dat kinders op spesiale sorg en bystand geregtig is.²⁴ Hierna het etlike internasionale en streekskonvensies met bepalinge oor mensehandel gevolg.²⁵ Hoewel 'n breedvoerige bespreking van die konvensies buite die bestek van hierdie bydrae val, word hier onder tog kortliks na die vernaamstes van toepassing op kinderhandel verwys.

3.1 Internasionale raamwerk voor 2000

Uit die aard van hierdie bydrae word die bespreking hier beperk tot konvensies wat spesifiek op die beskerming van kinders afgestem is.

Die VN se Konvensie oor die Regte van die Kind (hierna “die Kinderkonvensie”) wat in 1990 in werking getree het, bepaal dat kinders teen alle vorme van uitbuiting beskerm moet word. Artikel 35 is spesifiek gerig op kinderhandel, en staatspartye in die verdrag onderneem om die verkoop van en handel in kinders te voorkom.²⁶ Tog laat die verdrag na om staatspartye uitdruklik te verplig om kinderhandel as sodanig tot misdaad te verklaar. Daarbenewens word regsekerheid in die wiele gery, aangesien die term *kinderhandel* nie in die verdrag omskryf is nie.

Dit het langer as 20 jaar geduur voordat die VN se Opsionele Protokol by die Konvensie oor die Regte van die Kind by die Verkoop van Kinders, Kinderprostitusie en Kinderpornografie van 2002 (hierna “die Opsionele Protokol”) hierdie tekortkominge reggestel het, ofskoon ook slegs gedeeltelik. Soos Gallagher²⁷ tereg uitwys, gaan die Opsionele Protokol verder as die Kinderkonvensie se uitsluitlike klem op maatreëls ter voorkoming van kinderhandel deur staatspartye onomwonde te verplig om die “verkoop” van kinders as ’n misdaad in nasionale wetgewing in te sluit, tesame met gepaste strafmaatreëls.²⁸ Die strafregtelike vereistes in die Opsionele Protokol is dus ingrypender as dié in die Kinderkonvensie. Artikel 2 van die Opsionele Protokol omskryf die “verkoop” van ’n kind as enige transaksie waardeur ’n kind in ruil vir vergoeding of enige ander teenprestasie na ’n ander persoon oorgedra word.²⁹ Nogtans is die Opsionele Protokol slegs op die *verkoop* van kinders toegespits, en sluit dit nie die groter konsep van *kinderhandel* in nie.

In wat as die Internasionale Arbeidsorganisasie se bydrae tot die bekamping van kinderhandel beskou kan word, verplig die Konvensie oor die Verbod op en Onverwylde Optrede vir die Uitwissing van die Ergste Vorme van Kinderarbeid van 1999 staatspartye om omvattende maatreëls, waaronder strafsanksies, in te stel om die ergste vorme van kinderarbeid uit die weg te ruim.³⁰ Van belang vir hierdie bydrae is dat die omskrywing van die “ergste vorme van kinderarbeid” in hierdie konvensie praktyke insluit wat soortgelyk is aan slawerny, soos die verkoop van kinders asook kinderhandel.³¹ Die konvensie onderskei dus tussen die “verkoop” van kinders en “handel” in kinders. Nietemin is dit teleurstellend dat hierdie konvensie, soos voriges, nalaat om die konsep *kinderhandel* te omskryf.

Nie een van bogenoemde internasionale verdrae bewerkstellig dus regsekerheid oor wat presies kinderhandel behels nie.

3.2 Afrika-streek-raamwerk voor 2000

Afgesien van internasionale konvensies, het die Afrika-streek ook bepaalde verdrae vir die bekamping van mensehandel aangeneem.³²

Die Afrika-Handves oor die Regte van Mense en Volke van 1981 verplig staatspartye byvoorbeeld om menseregte, met inbegrip van daardie regte wat gewoonlik gedurende mensehandel geskend word, te respekteer en af te dwing. Hierdie belangrike streeksdokument maak egter nie spesifiek melding van mensehandel nie.

Die Afrika-streek se weergawe van die VN se Kinderkonvensie is die Afrika-Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind wat in 1990 aanvaar is. In teenstelling met sy internasionale eweknie konsentreer hierdie Afrika-konvensie nie net op kinderrechte in die algemeen nie, maar ook op sake wat spesifiek vir kinders in Afrika van belang is. Artikel 29 verbind staatspartye uitdruklik daartoe om die verkoop van, of handel in, kinders te voorkom. Tog laat ook hiërdie konvensie na om *kinderhandel* te omskryf, en versuim voorts om die verskil tussen die verkoop van en handel in kinders op te klaar. Boonop word staatspartye nie verplig om kinderhandel tot misdad te verklaar en as sodanig te straf nie.

Dieselfde kommerwekkende leemtes met betrekking tot die bekamping van kinderhandel in die internasionale instrumente word dus ook in die vasteland s'n aangetref.

3.3 Protokol om Handel in Mense, veral Vroue en Kinders, te Voorkom, Beëindig en Straf van 2000

Ten spyte daarvan dat die internasionale en Afrika-streek-verdrae van voor 2000 kinderhandel in 'n mate bekamp het, is daar wesenlike tekortkominge in dié instrumente, soos uit die paragrawe hier bo blyk. Dit was mettertyd duidelik dat die leemtes in die bestaande instrumente slegs deur 'n nuwe, universele verdrag wat alle aspekte van mensehandel doeltreffend omvat, oorbrug sou kon word.

Dié mylpaal is bereik met die aanvaarding van die VN se Protokol om Handel in Mense, veral Vroue en Kinders, te Voorkom, Beëindig en Straf in 2000 (hierna "die Mensehandelprotokol"). Die protokol is aanvullend tot die Konvensie teen Transnasionale Georganiseerde Misdad ("die hoofkonvensie")³³ en is dus nie 'n alleenstaande internasionale instrument nie, maar moet in samehang met die hoofkonvensie gelees word.³⁴ Die Mensehandelprotokol het nie kritiek vrygespring nie,³⁵ maar het onteenseglik 'n nuwe era van toegespitste optrede teen mense- en kinderhandel ingelui. Trouens, in die aanhef staan uitdruklik dat die Mensehandelprotokol aanvaar is

[t]aking into account the fact that, despite the existence of a variety of international instruments containing rules and practical measures to combat the exploitation of persons, especially women and children, there is no universal instrument that addresses all aspects of trafficking in persons,

en

[c]oncerned that, in the absence of such an instrument, persons who are vulnerable to trafficking will not be sufficiently protected.

Hierdie nuwe vasberadenheid in die stryd teen mensehandel blyk ook uit die volgende uitlating deur die VN se sekretaris-generaal op die Internasionale Dag teen Mensehandel in 2018:

Trafficking in persons is a vile crime that feeds on inequalities ... Human traffickers profit from peoples' hopes and despair. They prey on the vulnerable and rob them of their fundamental rights. Children and young people ... are especially susceptible. Human trafficking takes many forms and knows no borders. Human traffickers too often operate with impunity ... This must change ... Let us come together around the key issues of prevention, protection and prosecution to build a future where this crime cannot exist.³⁶

Die Mensehandelprotokol lê dan ook vir die eerste keer internasionale minimum standaarde vir die bekamping van mensehandel neer. Derhalwe dien dit as die lees waarop regerings hul eie nasionale beleid vir die voorkoming en vervolging van mensehandel, die beskerming van slagoffers asook samewerking met ander lande en rolspelers kan skoei.³⁷ Nóg 'n internasionale eerste in die Mensehandelprotokol is die omskrywing van mensehandel met betrekking tot sowel volwasse as kinderslagoffers.³⁸

Vir die doel van hierdie bydrae is dit veral belangrik dat die Mensehandelprotokol regerings verplig om die volgende dade in hul nasionale wetgewing tot misdad te verklaar: (i) om opsetlik mensehandel te pleeg;³⁹ (ii) om mensehandel te probeer pleeg en daaraan deel te neem;⁴⁰ en (iii) om mensehandel te organiseer, of aan ander opdrag te gee om in mense handel te dryf.⁴¹ Boonop word daar in die aanhef verklaar dat slagoffers se menseregte beskerm moet word:

[E]ffective action to prevent and combat trafficking in persons, especially women and children, requires a comprehensive international approach in the countries of origin, transit and destination that includes measures to prevent such trafficking, to punish the traffickers and to protect the victims of such trafficking, including by protecting their internationally recognized human rights.

Hierdie sentiment is sedertdien ook in ander nasionale beleidsdokumente herhaal, soos in die volgende uittreksel uit 'n USAID-verslag:

At its essence, TIP [trafficking in persons] is about people being bought and sold as chattel. Trafficking, or modern slavery, constitutes a violation of human rights in which victims are deprived of their fundamental rights and freedoms.⁴²

Dit impliseer dus dat regerings ook 'n menseregte- en slagoffergerigte benadering by hul nasionale wetgewing moet inbou. So 'n benadering moet méér doen as om bloot slagoffers te red; dit moet ook hul menswaardigheid herstel en hulle opnuut laat glo in hul vermoë om weer vry en produktiewe lewens te lei.⁴³

Hierdie standaard vir die bekamping van mensehandel het sedertdien ook elders ingang gevind. In die VN se Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling 2030,⁴⁴ wat in 2015 aanvaar is, verbind doelwit 8.7 lidstate byvoorbeeld daartoe om onmiddellik doeltreffende maatreëls in te stel om moderne slawerny en mensehandel uit te roei.⁴⁵ Die VN se spesiale rapporteur oor hedendaagse vorme van slawerny het in 2017 die

belang van doelwit 8.7 beklemtoon, en aanbeveel dat lidstate onder andere verseker dat hedendaagse vorme van slawerny as spesifieke misdade in nasionale regsraamwerke gekriminaliseer word, met strafmaatreëls wat eweredig is aan die misdrywe.⁴⁶

Suid-Afrika het die Mensehandelprotokol in 2004 bekragtig,⁴⁷ en is derhalwe verplig om mensehandel te bekamp deur nasionale wetgewing uit te vaardig wat aan die regsbindende standarde in die protokol voldoen.⁴⁸ Teen 15 Januarie 2020⁴⁹ het 175 lande die Mensehandelprotokol bekragtig, waarvan minstens 168 nasionale wetgewing teen mensehandel uitgevaardig het.⁵⁰ In 2020, ná 'n beoordeling om te bepaal of die wetgewing van hierdie lande aan die internasionale standarde voldoen, bevind navorsers aan die Universiteit van Nottingham egter soos volg:

[A]lthough the vast majority of States have enacted domestic criminal sanctions to address trafficking in persons, relatively few have done so in a way that responds to the full range of trafficking situations protected under international law.⁵¹

Dit laat die vraag ontstaan: Hoe vaar Suid-Afrika se regsraamwerk teen mensehandel vergeleke met die internasionale minimum standarde in die Mensehandelprotokol?

4. Die Suid-Afrikaanse regsraamwerk teen mense- en kinderhandel voor 2015

Daadwerklike optrede teen kinderhandel is genoodsaak deur verpligtinge voortspruitend uit die Mensehandelprotokol, asook uit die Handves van Menseregte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Aanvanklik is tussentydse bepalings teen mensehandel in bestaande wetgewing ingevoeg.

Die Kinderwet 38 van 2005 was die eerste plaaslike wetgewing om kinderhandel te kriminaliseer. Sedert die Kinderwet op 10 April 2010 in werking getree het, kon natuurlike of regspersone dus ingevolge artikel 284(1) vervolg word vir handel in kinders met die oog op enige vorm van uitbuiting. Dat kinderhandel 'n ernstige misdaad is, was duidelik uit die strafmaatreël van tot 20 jaar gevangenisstraf wat veroordeelde kinderhandelaars opgelê kon word. Daarbenewens is ook ander, verbandhoudende handelinge gekriminaliseer, soos die fasilitering van kinderhandel deur die beskikbaarstelling van geboue, of die verspreiding van inligting om dié bedryf te bevorder.⁵²

Die Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 van 2007, wat op 17 Desember 2007 in werking getree het, het op sy beurt 'n tussentydse bepaling oor mensehandel met die oog op seksuele uitbuiting ingesluit. Artikel 71(1) bepaal dat iemand wat met enigiemand anders handel dryf sonder sodanige ander persoon se toestemming, skuldig is aan die misdryf van mensehandel vir seksuele doeleindes. Dié wet het dit dus moontlik gemaak om handel in sowel volwassenes as kinders vir doeleindes van seksuele uitbuiting strafregtelik te vervolg.⁵³

Bogenoemde gefragmenteerde, tussentydse maatreëls teen mensehandel het slegs deels aan die standarde in die protokol voldoen.⁵⁴ Hierdie leemte is op 9 Augustus 2015

oorbrug met die inwerkingtreding van die Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013. Die tussentydse maatreëls in bogenoemde twee wette is op dieselfde datum herroep, maar word steeds benut vir die vervolging van misdade wat voor 9 Augustus 2015 gepleeg is.

5. Die regsraamwerk sedert 2015 – die Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 van 2013

5.1 Inleiding

A strong national legal framework around trafficking is widely recognized as the foundation and scaffolding of an adequate and appropriate criminal justice response.⁵⁵

Die Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act (oftewel die Wet op Mensehandel) het die regsposisie ten opsigte van mensehandel in Suid-Afrika wesenlik hervorm. Mensehandel word hierin breedvoerig gedek om aan die internasionale standaard in die Mensehandelprotokol te voldoen.⁵⁶ Die wet kriminaliseer vir die eerste keer alle vorme van mensehandel, ongeag of dit binne of oor landsgrense heen gepleeg word, en beskerm ook alle slagoffers, ongeag geslag of ouderdom. Daarbenewens volg die wet 'n holistiese strategie in pas met die internasionale benadering deur voorsiening te maak vir die voorkoming van die misdaad, die beskerming van slagoffers, die vervolging van oortreders, en internasionale samewerking met ander state.⁵⁷

Die wet bestaan uit vier hoofafdelings. Die eerste afdeling (hoofstuk 1) bevat sowel omskrywings van kernbegrippe as die doel van die wet, synde die vervolging van oortreders, hulpverlening aan en beskerming van slagoffers, en die voorkoming van mensehandel. Die tweede afdeling (hoofstuk 2) skeep die misdaad van mensehandel asook verbandhoudende misdrywe, en bied riglyne vir vonnisoplegging. Dit maak ook voorsiening vir ekstraterritoriale jurisdiksie, omdat mensehandel dikwels oor landsgrense heen plaasvind. Die derde, mees omvattende afdeling van die wet (hoofstukke 3 tot 7) konsentreer op slagoffers, en strook derhalwe met die internasionale verpligting om in nasionale wetgewing 'n slagoffergerigte benadering te volg wat die beskerming van menseregte insluit.⁵⁸ Dié deel maak deeglik voorsiening vir sowel die identifisering, aanmelding en beskerming van, as diensverskaffing aan slagoffers. Dit sluit ook bepalings in oor die status van slagoffers wat nie Suid-Afrikaanse burgers is nie, en die terugkeer en repatriasie van sowel Suid-Afrikaanse as buitelandse slagoffers. Die laaste afdeling (hoofstukke 8 tot 10) bevat algemene bepalings oor die administrasie en toepassing van die wet.

5.2 Die Suid-Afrikaanse benadering tot mense- en kinderhandel vergeleke met internasionale regstandaarde

5.2.1 Elemente van mensehandel in die Wet op Mensehandel

Die strafreg speel 'n wesenlike rol in die bekamping van mensehandel en die beskerming van slagoffers se menseregte⁵⁹ deurdat oortreders skuldig bevind en

gevoonis kan word vir die pleging van hierdie misdad. Hoewel die wet mensehandel, en dus ook kinderhandel, kriminaliseer, kan 'n skuldigbevinding plaasvind slegs indien die staat alle elemente van die misdad bo redelike twyfel bewys. Daarom is dit van die allergrootste belang dat die wet die elemente van mensehandel duidelik uiteensit. Een van die sterk punte van die wet is dat die misdad se elemente in fyn besonderhede uiteengesit is. So kan mensehandel van ander verbandhoudende misdade soos ontvoering, abduksie, dwangarbeid, kinderarbeid, kindermishandeling, prostitusie, en die smokkel van mense oor landsgrense onderskei word. Hoewel die konsepte *mensehandel* en *kinderhandel* nie uitdruklik by die ander woordomsrywings ingesluit is nie, sit artikel 4(1) die drie kernelemente van die misdad van mensehandel soos volg uiteen:

Any person who delivers, recruits, transports, transfers, harbours, sells, exchanges, leases or receives another person within or across the borders of the Republic, [*element 1: handeling*]⁶⁰ by means of—

- (a) a threat of harm;
- (b) the threat or use of force or other forms of coercion;
- (c) the abuse of vulnerability;
- (d) fraud;
- (e) deception;
- (f) abduction;
- (g) kidnapping;
- (h) the abuse of power;
- (i) the direct or indirect giving or receiving of payments or benefits to obtain the consent of a person having control or authority over another person; or
- (j) the direct or indirect giving or receiving of payments, compensation, rewards, benefits or any other advantage, aimed at either the person or an immediate family member of that person or any other person in close relationship to that person, [*element 2: metode*]

for the purpose of any form or manner of exploitation [*element 3: doel*], is guilty of the offence of trafficking in persons.

Om die misdad van mensehandel uit te maak, vereis die wet dat die pleger dus een van die voorgeskrewe verbode handelinge pleeg, op enige van die gelyste onregmatige wyses, met die doel om die slagoffer uit te buit. Hiermee voldoen die wet dus aan die internasionale vereistes vir handel in volwassenes in artikels 3(a) en 5 van die Mensehandelprotokol.

5.2.1.1 Element 1: Handeling (aksie)

Die handelingselement van mensehandel behels dat die handelaar, wat 'n natuurlike of regspersoon kan wees, minstens een van die handelinge in artikel 4(1) binne óf buite die Republiek se landsgrense moet gepleeg het. Mehta⁶¹ sit dié element soos volg uiteen:

Trafficking is (usually) not a single criminal act done at a specific time or at any specific place, but a criminal process. It is a series of criminal activities carried out by a range of people (such as recruiters, transporters, harbourers, receivers and finally the exploiters) that takes place over time and spans geography.

Gevolgtlik verbied artikel 4(1) nie slegs een soort handeling nie, maar verskeie, waaronder die werwing, vervoer, verskuiwing, huisvesting of ontvangs van 'n slagoffer. Die insluiting van hierdie handeling by die wet voldoen aan die minimum vereiste in die Mensehandelprotokol.⁶² Tog werp die wet die net selfs verder uit as die Mensehandelprotokol deur bykomende handeling in te sluit, naamlik die lewering, verkoop, uitruiling of verhuring van 'n slagoffer. Hierdie uitbreiding van die handelings-element is sinvol om te sorg dat die wye verskeidenheid betrokkenes by mensehandel almal binne die bestek van die misdaad val.⁶³ Die wet bevat egter nie 'n omskrywing van enige van die gelyste handeling nie, en dit word dus aan die howe oorgelaat om die presiese betekenis van die verbode handeling in regspraak uit te spel.

Interessantheidshalwe: Wederregtelikheid, synde een van die algemene elemente van 'n misdaad, word dikwels nie by misdaadomskrywings in wetgewing ingesluit nie – ook nie in die Wet op Mensehandel nie. Nietemin, soos Snyman⁶⁴ tereg sê, is wederregtelikheid inderdaad 'n ongeskrewe of onsigbare element van misdaadomskrywings, en dus ook van die misdaad van mensehandel. Die staat sal dus wél moet bewys dat 'n persoon wat enige van die gelyste handeling in artikel 4(1) gepleeg het, dit wederregtelik gedoen het, met ander woorde in stryd met die regsdoortuigings van die gemeenskap.⁶⁵

5.2.1.2 Element 2: Metode⁶⁶

Om mensehandel uit te maak, moet die staat bewys dat die verbode handeling op minstens een van die maniere in artikel 4(1) gelys, gepleeg is. Dit sluit in by wyse van geweld of dreigemente van geweld, ontvoering, bedrog of misleiding, die gee of ontvang van enige voordeel, of die misbruik van mag of van die slagoffer se kwesbaarheid. Die gebruik van hierdie metodes is dikwels in Suid-Afrikaanse regspraak bevestig. In *S v Dos Santos*⁶⁷ het die beskuldigde byvoorbeeld drie minderjarige meisies met 'n ketting aangerand, en het die hof bevind dat die slagoffers onder voortdurende bedreiging was, in vrees geleef het en onmenslik behandel is (geweld en dreigemente van geweld).⁶⁸ In *S v Msweli*⁶⁹ het twee vroue 'n baba ontvoer en teen vergoeding vir “aanneming” aan 'n kinderlose egpaar verskaf (ontvoering). Die beskuldigde in *Ntonga v S*⁷⁰ het die elfjarige slagoffer om die bos gelei dat hulle vir haar klere en skoene sou gaan koop. In plaas daarvan, is die kind na die 45-jarige medebeskuldigde geneem en verkrag (bedrog en misleiding).⁷¹ In *S v Dos Santos* het die hof eweneens bevind dat die betrokke handelaar die slagoffers bedrieg het deur hulle werk in haar haarsalon en studiegeleentheid te beloof, maar hulle daarna gedwing het om in haar bordeel te werk en daagliks met verskeie mans seksueel te verkeer.⁷² In *S v Knoetze en Jeremiah*⁷³ het Knoetze sy medebeskuldigde finansiële vergoed in ruil vir die verskaffing van minderjarige meisies

om seksueel uit te buit (gee of ontvang van voordeel). En in sowel *S v Matini*⁷⁴ as *S v Seleso*⁷⁵ is die slagoffers se kwesbaarheid misbruik: In eersgenoemde geval was dit 'n verstandelik gestremde kind, en in laasgenoemde 'n weeskind.

Soos met die handelingselement, gaan die Wet op Mensehandel ook met die metode-element verder as die Mensehandelprotokol. Benewens die verbode metodes wat op die slagoffer gerig is, maak die wet ook voorsiening vir metodes wat teen naaste familieledede of 'n persoon met 'n noue verbintenis met die slagoffer gebruik word.⁷⁶ Dít beteken byvoorbeeld dat die handelaar se dreigement van geweld nie op die slagoffer gerig hoef te wees nie, maar op 'n familielid soos 'n ouer of 'n kind. Artikel 1 van die wet bied 'n wye omskrywing van die konsep *naaste familielid*, wat 'n eggenoot, burgerlike genoot, lewensmaat of afhanklike familielid van die slagoffer insluit. Dit is egter nie ewe duidelik wie as persone met 'n "noue verbintenis" met die slagoffer beskou sou word nie.

Hoe dit ook al sy, die literatuur bevestig dat slagoffers se familie of geliefdes in die praktyk dikwels gedreig of benadeel word om slagoffers op dié manier te dwing om aan die handelaar se eise toe te gee.⁷⁷ Die uitbreiding van die metode-element in die wet verbreed dus die beskikbare beskerming vir slagoffers op 'n praktiese en relevante manier.

5.2.1.3 Element 3: Doel om uit te buit

Daar word aangeneem dat opset 'n element van mensehandel ingevolge die Wet op Mensehandel is. Hoewel die wet nie die opset-element uitdruklik uitspel nie, word dit wel deur die Mensehandelprotokol vereis.⁷⁸ Die aanvaarde uitgangspunt is dat die wetgewer opset vereis, tensy nalatigheid uitdruklik as skuldelement vereis word.⁷⁹ Derhalwe vereis die wet dat die oortreder die verbode handeling deur middel van een van die gelyste onregmatige metodes moet gepleeg het met die opset om die slagoffer uit te buit, ongeag die vorm van uitbuiting.

Let daarop dat die wet nie werklike uitbuiting van die slagoffer vereis nie, slegs bewys van die voorneme of opset om uit te buit. Dít blyk uit artikel 4(1) wat vereis dat die oortreder slegs die bedoeling moet hê om die slagoffer uit te buit, tesame met artikel 11(1) wat bepaal dat as al die elemente van die misdad teenwoordig is, maar die verbode handeling of beoogde uitbuiting nie plaasgevind het nie, dit geensins 'n verweer vir die oortreder is nie. Sommige rolspelers in die stryd teen mensehandel voer soms aan dat die oortreder tot werklike uitbuiting van die slagoffer moet oorgaan voordat dit as mensehandel beskou sal word. Hierdie vertolking is verkeerd en strook ook nie met die Mensehandelprotokol nie.⁸⁰ 'n Voorbeeld van die regte vertolking word aangetref in *S v Fabiao*.⁸¹ In hierdie aangeleentheid het 'n Zambiese handelaar gereël dat sy familie 'n twaalfjarige meisie onwettig van Zimbabwe na Suid-Afrika stuur sodat hy met haar kon trou. Kort ná die kind se aankoms het hy saam met haar 'n treinreis onderneem, en hulle medepassasiers het onraad bespeur toe sy onbedaarlik oor haar gereëde huwelik

begin huil. Die man is uiteindelik in hegtenis geneem en ingevolge die Wet op Mensehandel aan kinderhandel skuldig bevind, selfs al het die beoogde seksuele uitbuiting nie plaasgevind nie.

5.2.2 Elemente van kinderhandel in die Wet op Mensehandel – die problematiek van “metode”

Om te verseker dat kinderhandelaars aan die pen ry, moet kinderhandel uitdruklik gekriminaliseer word. Tog ontbreek die spesifieke kriminalisering van kinderhandel in die Wet op Mensehandel. Hoewel artikel 4(1) mensehandel in die algemeen kriminaliseer, tref dit geen onderskeid tussen die misdaadelemente vir handel in volwasse en kinderslagoffers nie. Met die eerste oogopslag lyk dit dus of die staat alle elemente van die misdaad van mensehandel in artikel 4(1) moet bewys, ongeag of die slagoffer ’n volwassene of ’n kind is. So ’n vertolking voldoen egter nie aan die internasionale regstandaard vir die misdryf van kinderhandel wat in die Mensehandelprotokol omskryf word nie.

Die Mensehandelprotokol onderskei tussen die misdaadelemente van mensehandel na gelang die slagoffer ’n volwassene of ’n kind is. Volgens artikel 3(a) moet die drie hoofelemente: handeling, metode en doel aanwesig wees in geval van ’n volwasse slagoffer.⁸² In geval van ’n kinderslagoffer word die metode-element egter weggelaat. Artikel 3(c) van die protokol bepaal duidelik dat kinderhandel uit slegs twee hoofelemente bestaan, naamlik die handeling en die doel van uitbuiting.⁸³ Die internasionale regselemente van kinderhandel kan dus soos volg saamgevat word:

Child trafficking is the act of recruitment, transportation, transfer, harbouring or receipt of a child for the purpose of exploitation, regardless of the use of illicit means, either within or outside a country.⁸⁴

Deur te vereis dat slegs twee van die drie hoofelemente bewys moet word, maak die Mensehandelprotokol dus voorsiening vir ’n ligter bewyslas in die vervolging van kinderhandel vergeleke met handel in volwassenes.⁸⁵ Of die opstellers van die Wet op Mensehandel dieselfde bedoeling gehad het, is nie ’n uitgemaakte saak nie.

Soos reeds hier bo genoem is, verwys die wet nie uitdruklik na die misdryf van kinderhandel nie. Artikel 1 bepaal bloot dat ’n kind ’n persoon jonger as 18 jaar is. Wat misdaadelemente betref, geld die handeling en die doel om uit te buit as twee van die elemente van mensehandel vir volwasse slagoffers in artikel 4(1) van die wet eweseer vir kinderslagoffers. Tog verg die stand van sake ten opsigte van die metode-element verdere ondersoek. Dit is problematies dat die wet nie uitdruklik, in navolging van die internasionale reg, bepaal dat kinderhandel aan slegs twee misdaadelemente, naamlik die handelingselement en die doel om uit te buit, hoef te voldoen nie. Nietemin kan drie argumente aangevoer word dat hoewel dit nie uitgespel word nie, die Wet op Mensehandel wél ook slegs hierdie twee elemente vereis en dus weliswaar met die internasionale reg strook.

Die eerste argument is gegrond op die bepaling in artikel 11(1)(a) van die wet, wat lui:

It is no defence to a charge of contravening section 4, 5, 6, 7, 8, 9(1) or 10 that—

(a) a child who is a victim of trafficking ... has consented to the intended exploitation, or the action which was intended to constitute an offence ... even if none of the means referred to in section 4(1)(a) to (j) have been used ...

'n Kinderslagoffer se toestemming tot die misdaad kan daarom geensins as verweer dien nie, selfs al het die oortreder geen geweld, misleiding of enige ander onwettige metode gebruik nie. Dit sou dus sinvol wees om hieruit af te lei dat artikel 11(1)(a) beteken dat die metode-element nie in enige kinderhandelsaak 'n vereiste is nie, en dat die Wet op Mensehandel daarom aan die internasionale standaard van die Mensehandelprotokol voldoen. Die keersy is egter dat dié bepaling dalk 'n meer beperkte bestek het en van toepassing is slegs op daardie kinderhandelsake waar die kind se toestemming as verweer geopper word. Artikel 11(1)(a) bepaal immers nie uitdruklik dat die gebruik van onwettige metodes in alle kinderhandelsake as 'n element weggelaat kan word nie.

'n Tweede argument is dat die metode-element oorbodig is by kinderhandel omdat een van die onwettige metodes in ieder geval altyd in alle kinderhandelsake teenwoordig is. Dié metode is natuurlik die misbruik van die slagoffer se kwesbaarheid. Die omskrywing van die konsep *kwesbaarheid* in artikel 1 van die Wet op Mensehandel sluit dan ook kindwees in.

'n Derde argument spruit uit artikel 233 van die Grondwet, wat bepaal:

By die uitleg van wetgewing moet elke hof aan enige redelike uitleg van die wetgewing wat met die volkereg bestaanbaar is, voorkeur gee bo enige alternatiewe uitleg wat met die volkereg onbestaanbaar is.

Op grond hiervan kan daar dus tereg aangevoer word dat die vertolking van die elemente vir kinderhandel in die Wet op Mensehandel in ooreenstemming met die internasionale reg moet geskied. En die internasionale reg soos wat dit in die Mensehandelprotokol vervat word, bepaal dat die metode-element nie by kinderhandel vereis word nie.

Die Wet op Mensehandel kon egter regsekerheid oor die elemente van kinderhandel verseker het deur bloot uit die staanspoor die internasionale standaard duidelik na te volg. Die wet kon eenvoudig bepaal het dat waar die slagoffer van mensehandel 'n kind is, slegs twee elemente bewys moet word, naamlik die pleging van een van die handeling wat in artikel 4(1) van die wet gelys word met die doel om die kinderslagoffer uit te buit. Teenoor hierdie leemte in die wet het die Nasionale Beleidsraamwerk oor die Bestuur van Mensehandelmissdade van 2019 die internasionale regsvereistes vir kinderhandel duidelik onderskryf. Volgens dié raamwerk is 'n kind met wie daar handel gedryf word, enigeen jonger as 18 wat gewerf, vervoer, oorgeplaas, verkoop, verruil, verhuur, gehuisves of ontvang word binne of buite die landsgrense,

met die doel om sodanige kind uit te buit, selfs sonder dat dwang, misleiding, misbruik van gesag of enige ander vorm van mishandeling gebruik word.⁸⁶ Hoewel die beleidsraamwerk nie die bindende krag van wetgewing het nie, is dit juis uitgereik om die toepassing van die Wet op Mensehandel te rig.

5.3 Bykomende beskerming aan slagoffers van mensehandel

Afgesien van die mensehandelmissdaad self, behels die *proses* van mensehandel dikwels verskeie ander vorme van misdadige optrede.

Oortreders het 'n magdom slenters waarmee hulle slagoffers na 'n bepaalde werkplek of opleidingsinstansie lok, en reis- en verblyfkoste word gewoonlik “goedgunstiglik” voorgeskiet. Hierna buit handelaars slagoffers uit deur hul skuld op slinkse maniere buitensporig te verhoog en hulle vir sogenaamde swak dienslewering te beboet, byvoorbeeld omdat die slagoffer siek was of 'n kliënt ontevrede was met die slagoffer se diens.⁸⁷ Gevolglik kan slagoffers feitlik nooit hul skuld afwerk nie, en verval hulle dus in skuldknegskap (*debt bondage*).

Ander misdadige optrede sluit in beslaglegging op buitelandse slagoffers se paspoorte en ander reisdokumente sodat hulle nie ander werk kan bekom nie, en as ongedokumenteerde persone gedeporteer kan word. Party medepligtiges stel ook geboue beskikbaar, of adverteer en verskaf inligting om mensehandel te bevorder, soos deur radio- en televisiereklame, e-pos, selfoonboodskappe of die gedrukte en aanlyn media.⁸⁸ Kliënte wat sonder beswaar van slagoffers se dienste gebruik maak, wetende dat hulle in mensehandel vasgevang is, is ewe skuldig. Boonop is daar die meestal naamlose individue aan die hoof van die mensehandelhiërargie wat gewoonlik nie persoonlik by die hantering van slagoffers betrokke is nie, maar die organisering, beheer of finansiering van die bedryf hanteer.

Al bogenoemde oortreders kan nou skuldig bevind word aan nuwe, verbandhoudende misdade wat in die Wet op Mensehandel geskep is.⁸⁹

Verdere beskerming vir die slagoffer is die bepaling wat dit tot 'n misdaad verklaar om ongemagtigde toegang tot slagoffers te verleen of hul identiteit of blyplek bekend te maak.⁹⁰ Dit bied veral aan kinders aansienlike beskerming teen persone wat in mensehandel dryf.

Daarbenewens word slagoffers uitdruklik beskerm teen vervolging vir mensehandelverwante misdade, met ander woorde misdade wat hulle pleeg as 'n direkte gevolg daarvan dat hulle mensehandelslagoffers is.⁹¹ Hoewel slagoffers nie algehele immuniteit teen vervolging geniet nie, kan hulle nie vervolgt word vir misdrywe as deel van die mensehandelproses waaraan hulle onderwerp was nie.⁹² Dit sluit byvoorbeeld in immigrasieverwante misdade in geval van oorgrensmensehandel,⁹³ of misdade wat slagoffers onder dwang pleeg, soos diefstal, huisbraak, roof, prostitusie of

dwelmhandel.⁹⁴ In dié verband beklemtoon Zabyelina⁹⁵ dat die vrywaring teen vervolging vir mensehandelverwante misdade 'n kerndeel is van die menseregte- en slagoffergerigte benadering om mensehandel te bekamp.

Afgesien van bogenoemde beskerming wat vir alle slagoffers beskikbaar is, bevat die Wet op Mensehandel ook spesifieke beskerming vir kinderslagoffers. Eerstens verplig dit alle persone wat weet of vermoed dat 'n kind 'n slagoffer van mensehandel is, om dit onmiddellik vir verdere ondersoek by 'n polisiebeampte aan te meld.⁹⁶ Versuim om dit aan te meld, is 'n strafbare misdryf. Tweedens is 'n kinderhof by magte om alle ouerlike verantwoordelikhede en regte van ouers wat met hul kinders handel dryf, op te skort.⁹⁷ Derdens brei artikel 4(2) die bestek van die wet selfs verder uit deur twee nuwe misdade te skep⁹⁸ wat 'n beduidende rol kan speel om kinders te beskerm, naamlik (i) die aanneming van 'n kind, hetsy wettig of onwettig, met die doel om die kind uit te buit,⁹⁹ en (ii) die sluiting van 'n gedwonge huwelik met die doel om die ander persoon uit te buit.¹⁰⁰ Veral in Suid-Afrikaanse verband kan laasgenoemde goed te pas kom om kinders teen die misbruik van die *ukuthwala*-tradisie te beskerm. *Ukuthwala* in die tradisionele vorm is nie 'n huwelik nie, maar 'n plegtigheid wat die huwelik voorafgaan om huweliksonderhandelinge te bespoedig.¹⁰¹ Dit word gewoonlik gebruik wanneer 'n paartjie van wie albei lede instem om te trou, 'n kamma-ontvoering van die toekomstige bruid reël om die onderhandelinge tussen die onderskeie ouers te bespoedig.¹⁰² Tog word hierdie kulturele tradisie dikwels misbruik deur ouer mans wat minderjarige meisies sonder hul toestemming wegvoer, waarna die kinders gedwing word om met die mans te trou, in hul seksuele behoeftes te voorsien en vir hulle te werk.¹⁰³

In die geheel beskou, stel die verbandhoudende misdade in die Wet op Mensehandel dus die Nasionale Vervolgingsgesag in staat om alle betrokkenes by die mensehandelproses te vervolg.

5.4 Vonnisoplegging

Die internasionale reg oor mensehandel vereis nie net dat nasionale wetgewing mensehandel kriminaliseer nie, maar ook dat dit vir die oplegging van gepaste vonnisse voorsiening maak wat eweredig is aan die erns van die misdaad, en wat mensehandelaars afskrik.¹⁰⁴ Hoewel die Mensehandelprotokol self nie riglyne oor vonnisoplegging bevat nie, bied artikels 10(4) en 11(1) van die Konvensie oor Transnasionale Georganiseerde Misdaad dwingende bepalings oor die oplegging van doeltreffende, eweredige en ontmoedigende strafsanksies.¹⁰⁵

Die Wet op Mensehandel bepaal dat howe by vonnisoplegging 'n lys verswarende faktore in ag moet neem.¹⁰⁶ Van belang vir hierdie bydrae is dat die minderjarigheid van 'n kinderslagoffer op sigself 'n verswarende faktor is. Voorts bepaal die wet dat 'n persoon by skuldigbevinding aan mensehandel 'n boete van tot R100 miljoen, of lewenslange gevangenisstraf, of sowel 'n boete as gevangenisstraf opgelê kan word.¹⁰⁷ Die Amerikaanse mensehandelverslag van 2019 bevestig dan ook dat hierdie strawwe in die wet gepas en eweredig aan die erns van die misdaad is.¹⁰⁸ Daarbenewens word daar

ook voorsiening gemaak vir swaar strawwe vir die ander, verbandhoudende misdade in die wet. Die voorsiening vir gewigtige strawwe in die wet strook dus met internasionale standaarde vir vonnisoplegging.

Suid-Afrikaanse regspraak, meer spesifiek die Hoogste Hof van Appèl in *S v Matjityi*,¹⁰⁹ het ook reeds die riglyn van slagoffergerigte vonnisse in pas met internasionale standaarde neergelê. Dít is besonder belangrik, veral by vonnisoplegging in kinderhandelsake. Die hof beslis soos volg:

[Sentencing] also needs to be victim-centred. Internationally the concerns of victims have been recognised and sought to be addressed through a number of declarations, the most important of which is the UN Declaration of the Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power. The Declaration is based on the philosophy that adequate recognition should be given to victims and that they should be treated with respect in the criminal justice system.¹¹⁰

Die liggaamlike, emosionele en sielkundige impak van mensehandel op kinderslagoffers is dikwels verreikend¹¹¹ en behoort by vonnisoplegging in ag geneem te word. 'n Slagoffergerigte benadering sluit in dat die hof by wyse van voorvonnisverslae en slagofferimpakverklarings oor die impak van die misdaad op die slagoffer ingelig word. Sodoende kan die hof in veral 'n kinderhandelsaak 'n gebalanseerde en gepaste vonnis oplê.

6. Vonnisse in kinderhandelsake

Om toegang tot korrekte, amptelike inligting en hofrekords oor kinderhandelsake in Suid-Afrika te bekom, is 'n uitdaging. Op enkele uitsonderings na is die meeste kinderhandelsake ongerapporteer, hetsy omdat kinderhandelaars in streekhoeve gevonniss is of omdat die vonnisse wat in hoër hoeve opgelê is, nie in die hofverslae opgeneem is nie. Hierdie leemte verg dringend aandag om amptelike inligting oor alle kinderhandelsake wat voor die land se hoeve dien vir navorsers en ander tersaaklike rolspelers toeganklik te maak, soos op 'n amptelike databasis of dergelike platform. In die navorsing vir hierdie bydrae kon 20 skuldigbevindings in kinderhandelsake wel opgespoor word.¹¹² Die volgende 16 van hierdie sake gee nuwe insigte oor kinderhandel in Suid-Afrika oor die algemeen en veral oor vonnisoplegging.

6.1 Vonnisse ingevolge tussentydse wetsbepalings voor 2015

Verskeie oortreders wat voor die inwerkingtreding van die Wet op Mensehandel op 9 Augustus 2015 kinderhandel gepleeg het, is reeds ingevolge die tussentydse mensehandelbepalings gevonniss.

6.1.1 Kinderhandel binne Suid-Afrikaanse grense

In 'n aantal sake waarin minderjarige meisies binne die grense van die land vir seksuele uitbuiting verhandel is, is die oortreders ingevolge die tussentydse bepaling in die Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 van 2007

skuldig bevind. In *Ntonga v S*¹¹³ is 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf byvoorbeeld opgelê vir die verhandeling van 'n elfjarige meisie wat in 2009 in die Oos-Kaap seksueel uitgebuit is. Die oortreder in *S v Nahimana Allima*,¹¹⁴ wat in 2012 'n sestienjarige meisie vir seksuele uitbuiting verhandel het, is veel swaarder gestraf en het lewenslange tronkstraf ontvang. Lewenslange tronkstraf is ook in *S v Nombuyiselo Matini*¹¹⁵ opgelê vir die verhandeling van 'n minderjarige meisie met 'n verstandelike gestremdheid wat in 2012 by die Fairview-resiesbaan seksueel uitgebuit is.

Die uitbuiting in *S v Rasibe Jaqueline Ramohlola*¹¹⁶ het 'n ander vorm aangeneem. Hier het die beskuldigde, ene "Mama Jackie" van Diepsloot, twee weeskinders teen R30 000 vir "aanneming" aan 'n ouerlose egpaar verskaf. Sy is skuldig bevind aan kinderhandel ingevolge artikel 284(1) van die Kinderwet 38 van 2005 en is tot 12 jaar gevangenisstraf gevonniss, waarvan vyf opgeskort is.

Interessantheidshalwe, en straks ironies: Die handelaars in al bogenoemde sake was vroue. Tog is mans ook al in Suid-Afrika as handelaars skuldig bevind. In *S v Foster Simelane*¹¹⁷ is 'n manlike oortreder byvoorbeeld skuldig bevind aan onder andere die verkragting en die verhandeling vir seksuele uitbuiting van 'n elfjarige meisie, en tot 30 jaar gevangenisstraf gevonniss. In *S v William Knoetze en Nosiphiwe Jeremiah*¹¹⁸ het een van die beskuldigdes minderjarige meisies, onder andere haar eie kind, aan 'n bejaarde boer vir seksuele uitbuiting verkoop. Albei beskuldigdes is aan verskeie misdade skuldig bevind en elk tot 12 jaar gevangenisstraf vir die misdaad van kinderhandel gevonniss.

*S v Jezile*¹¹⁹ was 'n kinderhandelsaak van 'n heel ander aard. Hier is kinderhandel gepleeg onder die voorwendsel van die *ukuthwala*-praktyk.¹²⁰ 'n Veertienjarige meisie is in dié tradisie ingedwing, waarna sy in die tradisionele *makoti*-uitrusting van 'n nuwe bruid aan seremonies moes deelneem om die beskuldigde – 'n man 14 jaar ouer as sy, en 'n algehele vreemdeling – se vrou te word.¹²¹ Die oortreder is aan verkragting en kinderhandel vir seksuele uitbuiting skuldig bevind. In appèl het hy die *ukuthwala*-tradisie en sy reg op die beoefening van sy kultuur as verweer geopper. Die hof het dit egter verwerp, omdat hy nie aan die vereistes van die tradisie voldoen het nie: Die tradisie vereis dat dit met beide lede van die paartjie se toestemming moet geskied, terwyl die klaagster duidelik nie tot die "ontvoering" toegestem het nie.¹²² Daarbenewens het die oortreder in appèl op 'n verwronge vorm van *ukuthwala* gesteun en aangevoer dat seksuele dade onder dwang toelaatbaar was.¹²³ Ook hierdie verweer het die hof van die hand gewys, en bevind dat so 'n verdraaide vorm van die kulturele gebruik die kind se grondwetlike regte skend en dus nie deel van die Suid-Afrikaanse reg is nie. Derhalwe is die appellant se skuldigbevinding aan verkragting en kinderhandel, asook sy vonnis van wesenlik 22 jaar gevangenisstraf, bekragtig.¹²⁴

6.1.2 Kinderhandel oor Suid-Afrikaanse grense

Regspraak bevestig ook oorgrenshandel in kinders, veral vanaf Suid-Afrika se buurlande. In *S v Dos Santos*¹²⁵ en *S v Mabuza*¹²⁶ is onderskeidelik drie en vier minderjarige meisies onder valse voorwendsels vir seksuele uitbuiting van Mosambiek

na Suid-Afrika gebring. Dos Santos is tot lewenslange tronkstraf gevonniss, terwyl Mabuza agt lewenslange tronkvonniss opgelê is vir die seksuele uitbuiting van die kinderslagoffers van 2009 tot 2012. Dié lewenslange vonniss ingevolge die tussentydse bepaling in die Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act 32 van 2007 is in albei sake in appèl bekragtig.¹²⁷

6.2 Vonniss ingevolge die Wet op Mensehandel

Sedert die inwerkingtreding van die Wet op Mensehandel op 8 Augustus 2015 het dié omvattende stuk wetgewing al vir 'n aantal skuldigbevindings aan kinderhandel gesorg.

Die handelaar in *S v Fabiao*¹²⁸ is byvoorbeeld skuldig bevind aan die verhandeling van 'n elfjarige kind – selfs al het hy nooit oorgegaan tot die beoogde seksuele uitbuiting nie – en is lewenslange tronkstraf opgelê. In 2015 het die beskuldigde in *S v Eke Ugochukwu*¹²⁹ 'n minderjarige meisie gehuisves en haar gedwing om dwelms te gebruik en hom deur prostitusie van 'n inkomste te voorsien. Hy is aan kinderhandel en ander verbandhoudende misdade skuldig bevind en tot tronkstraf van wesenlik 20 jaar gevonniss. In nog 'n saak van seksuele uitbuiting het Paul Balele 'n vyftienjarige familielid van Mosambiek in sy blyplek in Suid-Afrika opgesluit gehou en herhaaldelik verkrag. Hy is in Julie 2018 lewenslange tronkstraf vir kinderhandel en 'n verdere sewe lewenslange tronkvonniss vir verskeie verkragtings opgelê.¹³⁰

Die eerste skuldigbevinding aan kinderhandel vir arbeidsdoeleindes was in *S v Nyamtumba*.¹³¹ Ene Judith Nyamtumba van Carolina in Mpumalanga het volgens 'n erkende kulturele gebruik met die ma van 'n sesjarige seun ooreengekom dat hy by haar kon kom bly en dat sy na hom sou omsien. Die seun is toe onwettig van Mosambiek na Suid-Afrika gesmokkel, waar Nyamtumba hom uitgebuit het deur hom te dwing om kinderarbeid te verrig. Sy is uiteindelik skuldig bevind aan kinderhandel en tot 10 jaar gevangenisstraf gevonniss.¹³²

Kinderhandelaars stuit ook nie vir handel in babas nie. In 2014 het twee vroue 'n ses maande oue babaseun in Durban ontvoer en daarna in ruil vir 'n “administrasiefooi” van R2 500 en 'n lugversorger vir “aanneming” aan 'n kinderlose egpaar verskaf. Tazley Msweli, die meesterbrein agter die komplot, is in *S v Msweli*¹³³ op verskeie aanklagte skuldig bevind en op die klag van mensehandel tot 15 jaar gevangenisstraf gevonniss. Kort hierna, in 2015, het 'n desperate jong ma haar 19 maande oue baba vir R5 000 op Gumtree te koop aangebied. Sy is ná 'n “verkoopstransaksie” deur middel van 'n polisielokval in hegtenis geneem en in *S v Zama Madlala*¹³⁴ aan mensehandel skuldig bevind. Weens die besondere omstandighede van die saak is sy egter tot slegs drie jaar korrektiewe gevangenisstraf gevonniss, wat huisarres en gemeenskapsdiens ingesluit het, asook vyf jaar tronkstraf wat in die geheel opgeskort is.¹³⁵

In teenstelling met Madlala se ligte vonnis het die hof op 12 Desember 2019 albei beskuldigdes in *S v Seleso*¹³⁶ op verskeie aanklagte van kinderhandel skuldig bevind en elk 19 lewenslange gevangenisstrawwe opgelê – die swaarste vonnis tot op datum in 'n kinderhandelsaak in Suid-Afrika. In dié saak het twee vrouehandelaars 'n sestienjarige

weeskind mislei en onwettig van Lesotho na Suid-Afrika gebring.¹³⁷ Die handelaars, van wie een die slagoffer se voog was, het die meisie met geweld gedwing om gereeld op die webtuiste streamatemodels.com aanlyn seksuele dae uit te voer na gelang van wat betalende kliënte vereis het.¹³⁸ Die beskuldigdes het alle inkomste daaruit vir hulleself toegeëien. Die slagoffer se basiese menseregte, waaronder haar regte op menswaardigheid, privaatheid asook vryheid en sekuriteit van haar persoon, is voortdurend geskend. 'n Rekenaar waarop daar later beslag gelê is, het getoon dat die pornografiese webtuiste oor 'n tydperk van twee jaar meer as 6 000 keer besoek is om na die slagoffer te kyk en haar uit te buit.¹³⁹ Die slagoffer het 'n volledige beëdigde verklaring afgelê, maar het voor die verhoor verdwyn. Selfs sonder haar mondelinge getuienis is daar nietemin genoegsame bewyse aan die hof voorgelê om 'n skuldigbevinding te regverdig. Dié saak is 'n mylpaal in die regspraak oor mensehandel, nie net vanweë die swaar strawwe wat die hof opgelê het nie, maar ook omdat dit getoon het dat 'n skuldigbevinding moontlik is sonder die slagoffer se eie getuienis indien daar genoeg ander bewyse bestaan. In sy voorvonnisverslag het 'n deskundige getuie soos volg getuig:

The case before the court must be considered as a small particle in, yet a significant and non-linear contributor to, the flourishing mosaic of organised crime and human trafficking for sexual exploitation in the country. As a crime, human trafficking is oxygenated by greed, and camouflaged by the multiple layers of violence and indifference that have become embedded in South Africa.¹⁴⁰

Die oorsig van vonnisse hier bo – dié ingevolge die tussentydse bepalings teen mensehandel, asook dié kragtens die Wet op Mensehandel – toon dat kinderhandel in Suid-Afrika nie straffeloos geskied nie. Inteendeel, dit is opvallend dat die handelaars in die meeste sake betreklik swaar strawwe opgelê is, waaronder etlike lewenslange tronkvonnisse. Nietemin is daar steeds ruimte vir verbetering in die huidige wetsraamwerk om die suksesvolle vervolging van mense- en kinderhandelaars selfs verder te versterk. Die volgende afdeling wys op etlike regsknelpunte en doen aanbevelings aan die hand om dit uit te stryk.

7. Knelpunte en aanbevelings

7.1 Knelpunt 1: Onsekerheid oor betekenis van “uitbuiting” in kinderhandel-verband

Volgens artikel 4(1) van die Wet op Mensehandel is opset om die slagoffer op enige manier uit te buit 'n vereiste vir die misdaad van mensehandel. In artikel 1 word die term *uitbuiting* slegs met 'n aantal voorbeelde verduidelik, waaronder slawerny of praktyke soortgelyk aan slawerny, knegskap (*servitude*), gedwonge arbeid, kinderarbeid soos dit in die Kinderwet omskryf word, die verwydering van liggaamsdele, seksuele uitbuiting, en die bevrugting van vroue teen hulle wil met die doel om die kind na geboorte te verkoop. Tog is hierdie lys voorbeelde van uitbuiting nie 'n volledige en

geslote lys nie. Verskillende ander vorme van uitbuiting kom ook hier en in ander wêrelddele voor.¹⁴¹ Die vraag is of al hierdie vorme van uitbuiting wel voldoen aan uitbuiting soos vereis in mensehandelverband.

7.1.1 Bekende en nuwer vorme van uitbuiting

Handelaars buit kinders wêreldwyd op velerlei wyses uit. Dit is bekend dat handelaars slagoffers dikwels vir hul eie gewin uitbuit deur te vereis dat hulle misdade pleeg: “Forcing others to undertake criminal activities is a lucrative and a low-risk enterprise. If discovered it will most likely be the victim, rather than the trafficker, who is punished for the criminal act.”¹⁴² Die literatuur lewer volop bewys hiervan. Navorsingstudies bevestig byvoorbeeld dat kinders dikwels in die vervaardiging en verspreiding van dwelmmiddels misbruik word, soos vir die onwettige verbouing van kannabis en die verspreiding van dwelms deur as dwelmuile of -koeriers op te tree.¹⁴³ Slagoffers word ook gedwing om by huise in te breek en mense, winkels en kitsbanke te beroof.¹⁴⁴ Boonop word kinderslagoffers soms gedwing om as soldate aan gevegte deel te neem, ander persone te dood of landmyne te plant,¹⁴⁵ in welke geval die uitbuiting meer op politieke as finansiële gewin gerig is. Daarbenewens bevind menige slagoffer in skuldknegskap (*debt bondage*) hulle later self in die web van mensehandel, en werf dan ander slagoffers of bestuur bordele in ’n desperate poging om hul buitensporige skuld aan die oorspronklike handelaar af te betaal.¹⁴⁶ ’n Verdere bekende vorm van uitbuiting is om kinders te dwing om op straat snuisterye te verkoop of geld te bedel.¹⁴⁷ Hiervoor kies handelaars meestal jong kinders, baie dikwels kinders met gestremdhede, wat vir lang ure sonder behoorlike klere en skoene in wind en weer op straathoeke staangemaak word. Die gedagte is dat hierdie kinders sodoende meer simpatie by die publiek sal wek en gevolglik groter fooitjies sal ontvang.¹⁴⁸ Diegene wat nie inbring wat hul handelaars vereis nie, word gestraf – dikwels wreedaardig.¹⁴⁹ Verdere vorme van uitbuiting in kinderhandel is vir doeleindes van aanneming,¹⁵⁰ gedwonge of kinderhuwelike¹⁵¹ en (veral in die Midde-Ooste) om as kameeljokkies te werk.¹⁵²

Nuwer vorme van uitbuiting het ook die afgelope tyd na vore getree. Een hiervan is dat seuns van so jonk as 14 as sogenaamde zama zamas in onwettige mynbedrywighede uitgebuit word. Frankel bevestig dat hulle uitbuitende werksomstandighede lang tye in donker ondergrondse tunnels behels waar mishandeling, skuldknegskap, ondervoeding, geweld en selfs moord aan die orde van die dag is.¹⁵³ ’n Toenemende nuwer vorm van uitbuiting is internetverwante mensehandel, waarvoor veral kinders kwesbare slagoffers is. In hierdie verband het ECPAT in 2019 gewaarsku dat die toename in selfoon- en internetgebruik die gevaar inhou dat kinders aanlyn seksueel uitgebuit kan word:

The misuse of available technologies gives perpetrators new avenues to groom and exploit children. Moreover, the anonymity of the Internet facilitates opportunity for child sex offenders to share and disseminate child sexual abuse material.¹⁵⁴

Dit is dan ook presies wat in die onlangse aangeleentheid van *S v Seleso*¹⁵⁵ gebeur het. So ver vasgestel kon word, is dit die eerste kinderhandelsaak waarin ’n minderjarige meisie in Suid-Afrika aanlyn uitgebuit is deur haar te dwing om oor die internet

seksuele daad vir betalende kliënte uit te voer.

'n Ander nuwer vorm van uitbuiting in Suid-Afrikaanse verband is die sogenaamde *blessen-blessee*-verskynsel, wat sterk aan die toeneem is in die land, selfs onder skoolleerders.¹⁵⁶ Natuurlik kan 'n edel *blessen* iemand wees wat bloot goed doen aan 'n ander, sonder enige uitbuiting. Dit is egter nie die vorm wat hier ter sprake is nie. Die uitbuitende *blessen-blessee*-verhouding behels gewoonlik 'n soort kontraktuele seksuele verbintenis waarin ouer mans ander persone, selfs kinders, seksueel uitbuit in ruil vir 'n geldelike of ander voordeel.¹⁵⁷ So 'n *blessen* kan weliswaar aan die handelingselement van kinderhandel voldoen indien die kind met betaling of ander voordele, soos die vereffening van studieskuld, die koop van ontwerpersklere of 'n selfoon, gewerf en gelok word. Duidelik is daar in so 'n geval 'n doel om die *blessee* uit te buit deur seksuele dienste in ruil vir al die voordele te vereis. Sommige kan dalk as verweer aanvoer dat die kind as *blessee* tot die "reëling" toegestem het deur die finansiële of ander voordeel te aanvaar. Soos egter reeds hier bo bespreek is,¹⁵⁸ dra die toestemmingsverweer ingevolge artikel 11(1)(a) van die Wet op Mensehandel geen gewig ten opsigte van 'n kinderslagoffer sodra die vereiste handeling en opset om uit te buit teenwoordig is nie. In geval van 'n volwasse *blessee* moet die staat bewys dat die metode-element in artikel 4(1) ook teenwoordig is (soos geweld, dwang, misleiding, of die misbruik van gesag of die slagoffer se kwesbaarheid). Indien wel, is die toestemmingsverweer ingevolge artikel 11(1)(b) ook ten opsigte van 'n volwasse slagoffer ongeldig. In 'n kommerwekkende bevinding sê ECPAT egter in hul verslag van 2019: "[I]t is disturbing to note that in many South African communities, this [blessen-blessee] practice is not considered as sexual exploitation of children."¹⁵⁹

Wat mense- en kinderhandel veral kompleks maak om te ontbloot en te bekamp, is die vindingrykheid waarmee oortreders hul slagoffers uitbuit.¹⁶⁰ Rolspelers in die stryd teen mensehandel moet dus voortdurend bedag wees op nuwe en vreemde vorme van uitbuiting, wat deeglik ondersoek moet word om vas te stel of dit aan die elemente van mensehandel voldoen. En juis daarom is meer duidelikheid oor die presiese betekenis van die begrip *uitbuiting* in mensehandelverband noodsaaklik.

7.1.2 Aanbeveling: Riglyne om die vae betekenis van die begrip uitbuiting op te klaar

Uitbuiting in mensehandelverband kan 'n magdom praktyke en omstandighede insluit. Die betekenis van die begrip is meestal gekoppel aan 'n sekere omgewing en spesifieke omstandighede wat met die kultuur en waardes in 'n gebied en ander tersaaklike faktore soos wetgewing en internasionale standaarde verband kan hou. Volgens Brhane¹⁶¹ beteken uitbuiting in mensehandel om meer as wat geoorloof is, van 'n ander persoon te vereis, en sodoende onregmatig uit daardie persoon voordeel te trek. In dieselfde trant beskryf die Internasionale Organisasie vir Migrasie uitbuiting as "taking advantage of something or someone, in particular the act of taking unjust advantage of another for one's own benefit".¹⁶² Dit gaan dus om ongeregverdigde eiebevoordeling deur die beweerde oortreder.

Ongelukkig bied nie die Mensehandelprotokol, Jordan se *Annotated guide to the new UN Trafficking Protocol (Travaux Preparatoires)* of ander gesaghebbende internasionale regsbronne 'n omskrywing van *uitbuiting* nie.¹⁶³ Dit is problematies en bring regsonsekerheid mee. Ook die Wet op Mensehandel laat na om *uitbuiting* te omskryf. Soos die Mensehandelprotokol, bied die wet ook slegs 'n nie-uitvoerige lys voorbeelde van wat as uitbuiting beskou kan word.¹⁶⁴ Soos Korvinus en kollegas egter tereg opmerk, sou duidelik omskrywe, wesenlike kriteria vir *uitbuiting* van groter waarde gewees het as 'n lys omstandighede wat die wetgewer as uitbuiting beskou.¹⁶⁵ Daar is beslis 'n behoefte aan riglyne of 'n standaard aan die hand waarvan uitbuitende optrede gemeet kan word om te bepaal of dit in mensehandelverband vir uitbuiting deurgaans. Dit sal uiteraard 'n moeilike taak wees om sodanige riglyne vir uitbuiting te skep wat vir al die verskillende vorme van mensehandel voorsiening maak. Die volgende aanbevole oorwegings kan moontlik van nut wees.

'n Eerste oorweging is dat hoewel die bepaling oor uitbuiting in die Mensehandelprotokol die minimum standaard is waaraan nasionale wetgewing moet voldoen, die formulering van die begrip *uitbuiting* in nasionale wetgewing omvattender kan wees as die internasionale minimum standaard.¹⁶⁶ Die Wet op Mensehandel noem reeds meer vorme van mensehandelverwante uitbuiting as wat in die Mensehandelprotokol gelys word, soos kinderarbeid en die verwydering van enige liggaamsdele in plaas van slegs organe.¹⁶⁷ Voorts kan dit nuttig wees om ook ander erkende vorme van uitbuiting by die wet in te voeg, soos gedwonge bedelary en uitbuiting vir misdadpleging.¹⁶⁸

'n Tweede riglyn is dat omdat mensehandel 'n ernstige misdaad is, uitbuiting ook met ernstige vorme van misdadige gedrag moet verband hou, en nie net met blote geringe of tegniese oortredings nie.¹⁶⁹ Ter aansluiting hierby behoort die skending van menseregte ook by die bepaling van uitbuiting in ag geneem te word. Die bekende vorme van uitbuiting wat in die Mensehandelprotokol en die Wet op Mensehandel gelys word, soos seksuele of arbeidsuitbuiting, of die verwydering van liggaamsdele, skend die slagoffer se liggaamlike integriteit. Nietemin bepaal artikel 12(1) van die Grondwet dat die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon insluit die reg om vry te wees van alle vorme van geweld en marteling en van wrede, onmenslike of vernederende behandeling. En benewens liggaamlike integriteit, waarborg artikel 12(2) ook elkeen se reg op psigiese integriteit. Daarom moet uitbuiting wyer vertolk word as slegs die skending van liggaamlike integriteit: Die mensehandelproses tas dikwels ook verskeie ander menseregte, waaronder slagoffers se psigiese integriteit, aan.¹⁷⁰

'n Derde oorweging om te bepaal of uitbuiting teenwoordig is of nie, is of die slagoffer aan leed of nadeel, of minstens moontlike leed of nadeel, blootgestel is. Dit kan enigiets insluit van liggaamlike, seksuele en psigiese leed tot probleme met marginalisering of stigmatisering.¹⁷¹ In hierdie verband dui Zimmerman en kollegas¹⁷² egter aan dat hoewel uitbuiting algemeen met leed verbind word, leed nie uitdruklik in omskrywings van mensehandel vervat word nie.¹⁷³ 'n Omskrywing van die betekenis van *leed* of *nadeel* is dus ook nodig.

Vierdens veronderstel uitbuiting nie dat die uitbuiters noodwendig en uitsluitlik onregmatige geldelike wins as voordeel bekom nie – die voordeel kan ook dienslewering of iets dergelyks wees.¹⁷⁴ Soos die VN se vlugtelingsagentskap, UNHCR, aandui: “Exploitation is the abuse of a child where some form of remuneration is involved or whereby the perpetrators benefit in some manner – monetarily, socially, politically, etc.”¹⁷⁵

Die betekenis van uitbuiting hou ook dikwels verband met die spesifieke omgewing, plek, tyd en omstandighede van die voorval. Daarom is dit in die vyfde plek ook gepas om in Suid-Afrikaanse verband die spesifieke kulturele omstandighede in ag te neem om te bepaal of die opset om uit te buit wel teenwoordig is.¹⁷⁶ In *S v Jezile*¹⁷⁷ is die teenwoordigheid van uitbuiting byvoorbeeld teen die agtergrond van die verdraaiing van die *ukuthwala*-gebruik bepaal.

Bogenoemde vyf oorwegings word geensins voorgehou as ’n rigiede raamwerk vir die vasstelling van die doel om uit te buit nie. Die VN se Kantoor oor Dwelms en Misdaad (UNODC) het op stuk van sake ook gevra vir ’n mate van buigsaamheid in hoe die begrip *uitbuiting* verstaan en toegepas word om voorsiening te maak vir die verskillende vorme van uitbuiting wat mettertyd kan ontwikkel.¹⁷⁸ Nietemin gee die UNODC terselfdertyd toe:

However, it is of paramount importance as a matter of fundamental fairness and to protect the rights of all that the national legal framework provides criminal justice practitioners and the community with sufficient clarity to meet accepted criminal justice standards.¹⁷⁹

In die lig van die komplekse aard van uitbuiting as ’n element van kinderhandel word daar derhalwe aanbeveel dat die wetgewer ’n stel riglyne saamstel om te beoordeel of uitbuiting in ’n mensehandelsaak teenwoordig is. Dit behoort aan die hand van sowel oorwegings soos dié hier bo as gepaste regspraak te geskied.

7.2 Knelpunt 2: Voorsiening vir, dog onbeskikbaarheid van, verblyf- en deportasiebeskerming vir buitelandse slagoffers en getuies

7.2.1 Verblyfpermitte en vrywaring van deportasie ingevolge die Wet op Mensehandel

Buitelandse slagoffers en getuies in mensehandelsake is dikwels ver verwyderd van familie, hul bekende omgewing en bekende hulpbronne, en verdien dus behoorlike beskerming. In hierdie verband is ’n internasionale riglyn gevestig dat hierdie slagoffers ’n herstel-en-besinningstydperk van minstens 90 dae in die land van bestemming gegun moet word.¹⁸⁰ So ’n hersteltydperk stel hulle in staat om ingeligte en deurdagte besluite oor hul veiligheid en welstand te neem, en boonop meer betroubare inligting oor mensehandelverwante gebeure te voorsien.

Artikel 15(1) van die Wet op Mensehandel voldoen aan hierdie riglyn deur vir ’n tydelike verblyfpermit vir vreemdelingslagoffers van mensehandel voorsiening te maak. Om vir so ’n verblyfpermit in aanmerking te kom, moet daar ingevolge artikel 19 van die Wet

op Mensehandel aan twee voorwaardes voldoen word, naamlik dat daar by 'n polisiebeampte aangemeld word dat die buitelandse 'n slagoffer van mensehandel is, en dat die nasionale polisiekommissaris moet bevestig dat die vreemdeling moontlik in staat is om met die ondersoek na 'n mensehandelmisdaad te help. Tog word samewerking met die owerhede nie as absolute voorwaarde vir die uitreiking van hierdie permit vir 'n herstel-en-besinningstydperk gestel nie. Die doel van die verblyfpermit is juis om die slagoffers in staat te stel om 'n oorwoë besluit te neem oor of hulle kans sien om met die polisie en die Nasionale Vervolgingsgesag saam te werk. Indien daar aan die twee vereistes hier bo voldoen is, word dit aan die goeddunke van die direkteur-generaal van binnelandse sake oorgelaat om te besluit of 'n besoekersvisum ingevolge artikel 11 van die Wet op Immigrasie 13 van 2002 aan die slagoffer uitgereik moet word om vir drie maande in Suid-Afrika te kan aanbly of nie.¹⁸¹ Verdere beskerming sluit in dat sodanige vreemdelinge nie gedeporteer mag word terwyl hulle nog op die direkteur-generaal se besluit wag nie.¹⁸²

Artikel 16 van die Wet op Mensehandel maak op sy beurt voorsiening vir 'n tydelike verblyfpermit vir vreemdelingslagoffers wat, anders as ingevolge artikel 15, vereis dat hulle instem om met die ondersoek en vervolging van 'n mensehandelsaak te help. 'n Verdere vereiste is dat die polisie of Nasionale Vervolgingsgesag moet bevestig dat die slagoffer benodig word vir die suksesvolle vervolging van 'n beweerde oortreder in die mensehandelsaak en dat die slagoffer daarom in Suid-Afrika moet aanbly. 'n Verdere wesenlike voordeel van hierdie permit is dat dit uitgereik kan word ongeag die vreemdeling se regstatus.¹⁸³ Die tydelike verblyfpermit kan dus uitgereik word selfs al is die slagoffer onwettig in die land.¹⁸⁴

Hoewel artikels 15 en 16 in die Wet op Mensehandel belowend lyk op papier, is dit kommerwekkend dat die beskerming ingevolge daarvan nie vir vreemdelingslagoffers beskikbaar is nie.

7.2.2 Aanbeveling: Prioritiserings van die inwerkingstelling van artikels 15 en 16

Hoewel die Wet op Mensehandel reeds in 2015 in werking getree het, is artikels 15 en 16 vyf jaar na die aanvang van die wet steeds nie in werking nie,¹⁸⁵ klaarblyklik omdat die Departement van Binnelandse Sake nog nie die nodige immigrasieregulasies uitgevaardig het nie.¹⁸⁶ Dus, ofskoon dit bekend is dat owerhede sterk op slagoffers se samewerking steun om oortreders vas te trek,¹⁸⁷ is die maatreëls in die wet wat vreemdelingslagoffers sou beskerm en dit vir hulle moontlik maak om met ondersoek te help, nog nie van krag nie, oënskynlik weens administratiewe rompslomp.

Vreemdelingslagoffers lewer dikwels deurslaggewende bydraes tot suksesvolle vervolgings. Sonder die beskerming in artikels 15 en 16 kan hulle egter huiwerig wees om hul samewerking te verleen, en met goeie rede: Hul samewerking met die vervolging stel hulle aan handelaars se weerwraak bloot, wat spesiale beskerming en ondersteuning noodsaaklik maak.¹⁸⁸ Hierdie ongewenste stand van sake kan dus daartoe lei dat mensehandel, en veral kinderhandel, straffeloos geskied. Artikels 15 en 16 behoort dus dringend in werking gestel te word.

7.3 Knelpunt 3: Onsekerheid oor beskikbaarheid van tydelike verblyfpermit en deportasiebeskerming vir kinderslagoffers

7.3.1 Versuim om in artikel 15(1) uitdruklik vir buitelandse kinderslagoffers voorsiening te maak

Soos wat hier bo aangedui is, bepaal artikel 15(1) van die Wet op Mensehandel, in navolging van 'n internasionaal-erkende riglyn,¹⁸⁹ dat vreemdelingslagoffers vir 'n tydelike verblyfpermit met die oog op herstel en besinning in aanmerking kan kom. Een van die voorwaardes is dat daar ingevolge artikel 19 van die wet by 'n polisiebeampte aangemeld moet word dat die vreemdeling 'n slagoffer van mensehandel is. Artikel 19 maak egter slegs vir aanmelding van volwasse slagoffers voorsiening, derhalwe bestaan daar regsonsekerheid oor of die beskerming in artikel 15(1) ook vir vreemdelingkinderslagoffers beskikbaar is.

Volgens 'n letterlike, eng vertolking van artikel 15 behoort volwasse slagoffers die beskerming te ontvang, maar nie kinderslagoffers nie. Tog is so 'n vertolking in stryd met die reg op gelykheid en die kinderregte in die Grondwet, en boonop nie in die kind se beste belang nie. Alle buitelandse slagoffers van mensehandel, ongeag hul ouderdom en, trouens, of hulle met die owerhede saamwerk of nie, verdien immers sowel beskerming as hersteltyd om tot verhaal te kom.

A human-rights approach to victims of trafficking includes ensuring a reflection period to allow them to recover ... Furthermore, victims should be offered legal means to remain in the destination country – regardless of whether or not they cooperate in a police investigation. Only then will they feel safe and are healed, will they move from victim to survivor status.¹⁹⁰

Vreemdelingkinderslagoffers behoort dus net soos volwasse slagoffers vir die beskerming in artikel 15(1) in aanmerking te kom, veral as hul kwesbaarheid as minderjariges in ag geneem word.

7.3.2 Aanbeveling: Wysiging van artikel 15(1) van die Wet op Mensehandel

Omdat die kruisverwysing na artikel 19 in artikel 15(1) regsonsekerheid veroorsaak oor of ook vreemdelingkinderslagoffers vir 'n tydelike verblyfpermit en deportasiebeskerming in aanmerking kom, word 'n wysiging van die bewoording van artikel 15(1) aanbeveel.

Terwyl artikel 19 slegs vir die aanmelding van 'n volwasse vreemdelingslagoffer voorsiening maak, maak artikel 18 uitdruklik voorsiening vir aanmelding van 'n kinderslagoffer. Dit sou dus maklik wees om die onduidelikheid op te klaar deur die onderstreepte teks hier onder by artikel 15(1) in te voeg:

[T]he Director -General: Home Affairs may ... issue a foreigner ... in respect of whom—

- (a) a report has been made to a police official as provided for in section 18 or section 19; and
- (b) the National Commissioner of the South African Police Service has, in writing, confirmed to be a person who might be able to assist in a police investigation relating to an offence under Chapter 2, a visitor's visa ... to remain in the Republic for a recovery and reflection period not exceeding three months.

Hierdie wysiging sal regsekerheid teweegbring, en verseker dat sowel volwasse as kinderslagoffers uit die buiteland toegang het tot die beskerming wat artikel 15(1) verleen.

7.4 Knelpunt 4: Ernstige leemtes in beskerming teen veroordeelde handelaars

7.4.1 Oënskynlike uitsluiting van veroordeelde kinderhandelaars van die nasionale kinderbeskermingsregister

Artikel 111 van die Kinderwet het die nasionale kinderbeskermingsregister ingestel. Die doel van deel B van die register is om 'n rekord te hê van veroordeelde persone wat ongeskik is om met kinders te werk, en om kinders teen hulle te beskerm. Artikel 123 van die Kinderwet sit dan ook uiteen watter implikasies insluiting by deel B van die register vir sodanige persone inhou. Hulle mag byvoorbeeld nie aanneem- of pleegsorgouers word óf in enige hoedanigheid by sekere instansies met kinders werk nie. Dít sluit instansies in wat maatskaplike dienste aan kinders voorsien, soos kinder- en jeugsorgsentrums, skuilings, skole, kinderbeskermingseenhede in die Suid-Afrikaanse Polisiediens, staatsinstellings en munisipaliteite.¹⁹¹

Artikel 120 van die Kinderwet bied aan kinders belangrike beskerming deur te bepaal dat 'n persoon wat in strafverrigtinge aan sekere gelyste misdade skuldig bevind word, outomaties ongeskik is om met kinders te werk. Wat mensehandel betref, bepaal artikel 120(4) dat die gelyste misdade oortredings ingevolge artikel 8, 9, 10 of 24A(5) van die Wet op Mensehandel insluit. Ironies genoeg verydel die formulering van die artikel 120(4) egter die doel om kinders teen veroordeelde mensehandelaars te beskerm.

Eerstens is die verwysing na artikel 24A(5) verkeerd – die Wet op Mensehandel bevat nie so 'n artikel nie. Tweedens is die verwysing na misdrywe in slegs artikels 8, 9 en 10 problematies omdat hierdie bepaling slegs oor minder ernstige misdade handel. Artikel 8 kriminaliseer die fasilitering van mensehandel. Artikel 9 handel oor karweiers wat persone binne of oor die landsgrense van Suid-Afrika vervoer wetende dat hulle slagoffers van mensehandel is. Artikel 10 kriminaliseer pogings, sameswering en aansporing om mensehandel misdade te pleeg. Artikel 120(4) van die Kinderwet swyg egter oor die hoofmisdade van mensehandel in artikel 4(1) van die Wet op Mensehandel, asook oor die misdade van skuldknegskap (*debt bondage*) en die gebruik van die dienste van kinderslagoffers.

Dit is duister waarom artikel 120(4) van die Kinderwet minder-ernstige mensehandelverwante misdade sou insluit, maar die wesentliche mensehandelmisdade, wat met 'n boete van tot R100 miljoen en/of lewenslange gevangenisstraf gestraf kan word, uitsluit. Hierdie leemte in die Kinderwet ontnem kinders dus van noodsaaklike beskerming teen plegers van ernstige mensehandelmisdade.

7.4.2 Aanbeveling: Wysiging van artikel 120(4) van die Kinderwet

Om te sorg dat kinders behoorlik teen veroordeelde kinderhandelaars beskerm word deur hierdie oortreders by deel B van die kinderbeskermingsregister in te sluit, word daar dus aanbeveel dat artikel 120(4) dringend gewysig word.

Die wetgewer behoort eerstens die verkeerde verwysing na artikel 24A(5) in die Wet op Mensehandel te skrap. Tweedens moet die ernstige mensehandelmisdade, soos mensehandel self (artikel 4(1)), skuldknegskap (artikel 5) en die gebruik van volwasse en veral ook kinderslagoffers se dienste (artikel 7), by die gelyste misdade in artikel 120(4) ingesluit word.

So 'n wysiging behoort veroordeelde plegers van ernstige mensehandelmisdade weg te hou uit instansies waar hulle met kinders werk.

8. Samevatting

Mensehandel, en veral kinderhandel, is 'n weersinwekkende misdaad. Die strafregtelike bekamping van die misdaad streef die volgende doel na:

A criminal justice response to trafficking that prioritizes rights and seeks both to end impunity for traffickers and to secure justice for victims is in full conformity with international law and deserves to take its rightful place as a critical component of any lasting solution to trafficking.¹⁹²

Hiervoor is doeltreffende wetgewing onontbeerlik om suksesvolle vervolging moontlik te maak. Die omvattende Wet op Mensehandel wat Suid-Afrika ná die bekragtiging van die Mensehandelprotokol uitgevaardig het, voldoen grotendeels aan internasionale standaarde. Trouens, die oorsig van skuldigbevindings in 16 kinderhandelsake in hierdie bydrae bevestig dat handelaars ingevolge sowel die tussentydse bepalings voor 2015 as die huidige wet suksesvol vervolg en in die meeste gevalle swaar gestraf is. Dit is daarom verblydend dat die Suid-Afrikaanse wetsraamwerk doeltreffend gebruik word om te keer dat kinderhandel straffeloos geskied.

Mensehandel kan nie deur wetgewing alleen beëindig word nie. Tog is doeltreffende wetgewing 'n onontbeerlike deel van die strafregtelike bekamping van kinderhandel. Etlieke knelpunte is in die land se wetgewing teen kinderhandel is in hierdie artikel uitgewys, tesame met aanbevelings om dit reg te stel. Hierdie punte vereis dringend aandag om die Suid-Afrikaanse Wet op Mensehandel verder te versterk en uit te bou tot 'n selfs doeltreffender instrument om te sorg dat mense- en veral kinderhandelaars die straf kry wat hulle verdien.

Bibliografie

Anti-Slavery International. 2014. *Trafficking for forced criminal activities and begging in Europe*. Londen: Anti-Slavery International.

Araujo, E. 2011. *The need for human trafficking policy*. AISA Policy Brief 37. Pretoria: Afrika-instituut van Suid-Afrika (AISA).

Aronowitz, A. 2015. *Victims of human trafficking: A complex issue*. Bogotá: Sentrum vir Internasionale Studie, Universiteit van die Andes.

Bezuidenhout, C. (red.). 2018. *Child and youth misbehaviour in South Africa: a holistic approach*. 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Blom, N. 2020. Human trafficking: An international response. In Winterdyk en Jones (reds.) 2020.

Boezaart, T. (red.). 2017. *Child law in South Africa*. 2de uitgawe. Claremont: Juta.

Brhane, M.O. 2015. Trafficking in persons for ransom and the need to expand the interpretation of article 3 of the UN Trafficking Protocol. *Anti-Trafficking Review*, 4:120–41.

Dando, C.J., D. Walsh en R. Brierly. 2016. Perceptions of psychological coercion and human trafficking in the West Midlands of England: Beginning to know the unknown. *PLoS ONE*, 11(5):1–13.

De Lange, I. 2018. Mozambican man gets eight life terms for child rape. *The Citizen*, 13 Julie. <https://citizen.co.za/news/south-africa/1978751/mozambican-man-gets-eight-life-terms-for-child-rape> (30 Maart 2020 geraadpleeg).

Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling. 2019. *National policy framework on the management of trafficking in persons offences*. <https://www.justice.gov.za/docs/other-docs/2019-TIP-NPF-10April2019.pdf> (4 April 2020 geraadpleeg).

Dottridge, M. 2004. *Kids as commodities? Child trafficking and what to do about it*. Genève: International Federation Terre des Hommes.

—. 2017. Trafficked and exploited: The urgent need for coherence in international law. In Kotiswaran (red.) 2017.

ECPAT (End child prostitution, child pornography and trafficking of children for sexual purposes) International. 2019. The landscape of sexual exploitation of children in South Africa. <https://www.ecpat.org/wp-content/uploads/2019/10/Landscape-of-Sexual-Exploitation-of-Children-in-South-Africa-ECPAT-research-October-2019.pdf> (15 Januarie 2020 geraadpleeg).

- Emser, M. en M. van der Watt. 2019. #StillNotFound: Missing children in South Africa. *AlterNation*, 26(1):89–120.
- Farrell, A., C. Owens en J. McDevitt. 2014. New laws but few cases: understanding the challenges to the investigation and prosecution of human trafficking cases. *Crime, Law and Social Change*, 61:139–68.
- Frankel, P. 2016. *Long walk to nowhere: Human trafficking in post-Mandela South Africa*. Londen: Transaction Publishers.
- Gallagher, A. en P. Holmes. 2008. Developing an effective criminal justice response to human trafficking – Lessons from the front line. *International Criminal Justice Review*, 18(3):318–43.
- Gallagher, A.T. 2010. *The international law of human trafficking*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Germaner, S. 2020. Sexually trafficked orphan fled after “losing trust” in police – but abusers jailed. *Sunday Times*, 9 Februarie. <https://www.timeslive.co.za/sunday-times/news/2020-02-09-sexually-trafficked-orphan-fled-after-losing-trust-in-police-but-abusers-jailed> (1 April 2020 geraadpleeg).
- Guterres, A. 2018. Message of United Nations secretary-general, António Guterres, on the World Day against Trafficking in Persons. <https://www.unodc.org/unodc/en/press/releases/2018/July/message-of-united-nations-secretary-general-on-the-international-day-against-trafficking-in-persons.html> (25 Oktober 2019 geraadpleeg).
- Hackney, L.K. 2015. Re-evaluating Palermo: the case of Burmese women as Chinese brides. *Anti-Trafficking Review*, 4:98–119.
- Hoss, J. en L.M.E. Blokland. 2018. Sugar daddies and blessers: A contextual study of transactional sexual interactions among young girls and older men. *Journal of Community and Applied Social Psychology*, 28(5):306–17.
- Internasionale Organisasie vir Migrasie (IOM). 2004. *International migration law: Glossary on migration*. http://publications.iom.int/bookstore/free/IML_1_EN.pdf (10 Februarie 2010 geraadpleeg).
- Jordan, A.D. 2002. *Annotated guide to the new UN Trafficking Protocol*. <http://www.walnet.org/csis/papers/UN-TRAFFICK.PDF> (13 November 2008 geraadpleeg).
- Kangaspunta, K. 2015. Was trafficking in persons really criminalised? *Anti-Trafficking Review*, 4:80–97.
- Korvinus, A.G., D. Koster en H. de Jonge van Ellemeet. 2006. *Mensenhandel: de*

achtergronden en omtrekken van het begrip uitbuiting in art. 273a.Sr. *Trema*, 29(7):286–90.

Kotiswaran, P. (red.). 2017. *Revisiting the law and governance of trafficking, forced labour and modern slavery*. Cambridge: Cambridge University Press.

Kruger, B. 2010. Combating human trafficking: a South African legal perspective. LLD-proefskrif, Universiteit van die Vrystaat.

—. 2016. Towards a sharp prosecution sword to combat human trafficking: comparing the new South African counter-trafficking law with international prosecution standards. *Comparative and International Law Journal of Southern Africa*, 49(1):54–84.

—. 2017. Combating child trafficking in the Children's Act and the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act. In Boezaart (red.) 2017.

Magubane, T. en K. Pillay. 2016. No jail for mom who tried to sell baby on Gumtree. *The Mercury*, 5 Mei. <http://www.iol.co.za/news/crime-courts/no-jail-for-mom-who-tried-to-sell-baby-on-gumtree-2017596> (28 Maart 2020 geraadpleeg).

Mehta, R. 2018. Child trafficking in South Africa. In Bezuidenhout (red.) 2018.

Mollema, N. 2014. Combating human trafficking in South Africa: A critical evaluation of the Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act 7 of 2013. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, 77(2):246–61.

Mwambene, L. en H. Kruise. 2017. The thin edge of the wedge: ukuthwala, alienation and consent. *South African Journal on Human Rights*, 33(1):25–45.

News24. 2017. Two trafficked women rescued from Gauteng pornography syndicate. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/two-trafficked-women-rescued-from-gauteng-pornography-syndicate-20171022> (16 Desember 2019 geraadpleeg).

Palmay, I. en T. Gruchy. 2020. The globalisation of trafficking and its impact on the South African counter-trafficking legislation. *Critical Social Policy*, 40(1):50–68.

Prinsloo, J. en M. Ovens. 2015. Ukuthwala as an aberrant traditional practice: the State versus Nnvumeleni Jezile 2014 WCD. *Acta Criminologica: Southern African Journal of Criminology*, 4:169–81.

Rodríguez-López, S. 2020. Telling victims from criminals: human trafficking for the purposes of criminal exploitation. In Winterdyk en Jones (reds.) 2020.

Scarpa, S. 2018. *Contemporary forms of slavery*. Brussels: Beleidsdepartement, Direktoraat-Generaal vir Eksterne Beleid, Europese Unie.

Schäfer, L. 2011. *Child law in South Africa – domestic and international perspectives*. Durban: LexisNexis.

Schwarz, K. en J. Allain. 2020. *Antislavery in domestic legislation: An empirical analysis of national prohibition globally*. <https://antislaverylaw.ac.uk/wp-content/uploads/2020/02/Antislavery-in-Domestic-Legislation-report-110220.pdf> (24 Februarie 2020 geraadpleeg).

Snyman, C.R. 2012. *Strafreg*. 6de uitgawe. Kaapstad: LexisNexis.

Sowetan Live. 2019. Woman jailed for smuggling child, 6, into SA, forcing him to do child labour. *Sowetan*, 18 Julie. <https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2019-07-19-woman-jailed-for-smuggling-child-6-from-mozambique-forcing-him-to-do-child-labour> (30 Maart 2020 geraadpleeg).

Thobejane, T.D., T.P. Mulaudzi en R. Zitha. 2017. Factors leading to “blesser-blessee” relationships amongst female students: The case of a rural university in Thulamela Municipality, Limpopo province, South Africa. *Gender and Behaviour*, 15(2):8716–31.

UNHCR. 2001. Action for the rights of children: critical issues – abuse and exploitation. <https://www.unhcr.org/protection/children/3bb81aea4/action-rights-children-arc-critical-issues-abuse-exploitation.html> (21 Februarie 2020 geraadpleeg).

UNICEF. 2006. *Guidelines on the protection of child victims of trafficking*. https://www.unicef.org/protection/Unicef_Victims_Guidelines_en.pdf (9 September 2014 geraadpleeg).

UNODC. 2009. *Anti-human trafficking manual for criminal justice practitioners*. New York: United Nations.

—. 2015. *Issue paper – the concept of “exploitation” in the Trafficking in Persons Protocol*. New York: United Nations.

—. 2018. *Global report on trafficking in persons*. New York: United Nations.

—. 2019. *Generic manual on combatting human trafficking (manual for South Africa)*. Pretoria: UNODC.

USAID. 2013. *Counter-trafficking in persons field guide*. https://www.usaid.gov/sites/default/files/documents/2496/C-TIP_Field_Guide_Final_April%205%202013.pdf (5 Februarie 2020 geraadpleeg).

Van der Watt, M. 2015. Human trafficking in South Africa: an elusive statistical nightmare. <https://theconversation.com/human-trafficking-in-south-africa-an-elusive-statistical-nightmare-43949> (11 Februarie 2020 geraadpleeg).

—. 2018. Investigating human trafficking for sexual exploitation: from “lived experiences” towards a complex systems understanding. PhD-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika.

—. 2019. *Pre-sentencing report: State versus Seleso*. Verslag van 2 Desember 2019 op lêer by outeur.

Van der Watt, M. en A. van der Westhuizen. 2017. (Re)configuring the criminal justice response to human trafficking: a complex-systems perspective. *Police Practice and Research*, 18(3):218–29.

VN (Verenigde Nasies). 2020. Ratifications: Protocol to Prevent, Suppress and Punish Trafficking in Persons, Especially Women and Children, supplementing the United Nations Convention against Transnational Organized Crime. https://treaties.un.org/pages/ViewDetails.aspx?src=TREATY&mtdsg_no=XVIII-12-a&chapter=18&clang=en (12 Mei 2020 geraadpleeg).

VN Algemene Vergadering. 2015. *Transforming our world: the 2030 Agenda for Sustainable Development*. A/RES/70/1. New York: United Nations.

—. 2017. *Report of the Special rapporteur on contemporary forms of slavery, including its causes and consequences*. A/72/139. New York: United Nations.

VSA Departement van Buitelandse Sake. 2008. *Trafficking in persons report*. <https://2009-2017.state.gov/j/tip/rls/tiprpt/2008//index.htm> (12 Mei 2020 geraadpleeg).

—. 2018. *Trafficking in persons report*. <https://www.state.gov/reports/2018-trafficking-in-persons-report> (13 Januarie 2020 geraadpleeg).

—. 2019. *Trafficking in persons report*. <https://www.state.gov/reports/2019-trafficking-in-persons-report> (13 Januarie 2020 geraadpleeg).

Winterdyk, J. en J. Jones (reds.). 2020. *The Palgrave international handbook of human trafficking*. Cham, Switzerland: Palgrave Macmillan.

Zabyelina, Y. 2020. The application of the non-punishment principle to victims of human trafficking in the United States. In Winterdyk en Jones (reds.) 2020.

Zimmerman, C., M. Hossain en C. Watts. 2011. Human trafficking and health: A conceptual model to inform policy, intervention and research. *Social Science and Medicine*, 73(2):327–35.

Zimmerman, C., M. Hossain, K. Yyun, B. Roche, I. Morisonen en C. Watts. 2006. *Stolen smiles: a summary report on the physical and psychological health consequences of women and adolescents trafficked in Europe*. <https://www.icmec.org/wp-content/uploads/2015/10/Stolen-Smiles-Physical-and-Psych-Consequences-of-Traffic-Victims-in-Europe-Zimmerman.pdf> (12 Mei 2020 geraadpleeg).

Eindnotas

* Ek bedank graag Loot Pretorius van die Vrystaatse Sentrum vir Menseregte, Universiteit van die Vrystaat, vir sy kommentaar op vorige konsepte van hierdie bydrae.

¹ Ingevolge art. 12 van die Britse Slavery Abolition Act 1833 c. 73 is slawerny sedert 1834 in alle Britse kolonies, waaronder Suid-Afrika, verban.

² Mehta (2018:292); Dottridge (2017:64).

³ Dando e.a. (2016:1). Sien ook Aronowitz (2015:11).

⁴ Kangaspunta (2015:84).

⁵ Gallagher (2010:370). Sien ook Kruger (2017:54); Farrell e.a. (2014:141, 160).

⁶ VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:2).

⁷ VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:390; 2019:428).

⁸ Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling (2019:6).

⁹ Sien die bespreking in parr. 6.1 en 6.2 hier onder.

¹⁰ VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:390; 2019:428).

¹¹ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:34).

¹² VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:54; 2019:48).

¹³ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:425).

¹⁴ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:428).

¹⁵ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:424–5).

¹⁶ Zimmerman e.a. (2011:327); Van der Watt (2018:40–3).

¹⁷ Van der Watt en Van der Westhuizen (2017:220). Die outeurs lig sowel die verskil tussen komplekse en gekompliseerde misdade uit as die verskil tussen 'n holistiese komplekse-stelsels-benadering en 'n reduksionistiese benadering tot die bekamping van mensehandel. Van der Watt en Van der Westhuizen (2017:220–5); sien ook Van der Watt (2018:36–43).

¹⁸ Mehta (2018:292).

¹⁹ Kruger (2010:86–8); Aronowitz (2015:10,13); Van der Watt en Van der Westhuizen (2017:223).

²⁰ (2015:7).

²¹ Van der Watt (2015:1–3); Frankel (2016:55–77, 92–7).

²² Sien die bespreking van kinderhandelsake in par. 6 hier onder.

²³ ECPAT International (2019:21).

²⁴ Artt. 4 en 25.2. Sien ook Gallagher (2010:330).

²⁵ Scarpa (2018:26); Dottridge (2017:65).

²⁶ Gallagher (2010:372).

²⁷ (2010:67).

²⁸ Art. 3(1)(a) en 3(3).

²⁹ Scarpa (2018:31).

³⁰ Artt. 1 en 5–8.

³¹ Art. 3(a).

³² Hackney (2015:99).

³³ Hierdie konvensie, tesame met die Mensehandelprotokol en die gepaardgaande Interpretative Notes (*Travaux Préparatoires*) to the Trafficking Protocol, maak die volledige stel internasionale verpligtinge vir die bekamping van mensehandel uit. Jordan (2002:2).

³⁴ Mensehandelprotokol, art. 1; Schäfer (2011:581).

³⁵ Kangaspunta (2015:82).

³⁶ Guterres (2018:1).

³⁷ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:4); Brhane (2015:129); Scarpa (2018:25); Zimmerman e.a. (2011:328); USAID (2013:50–91).

³⁸ Sien die bespreking in par. 5.2.2 hier onder.

³⁹ Mensehandelprotokol, art. 5(1); Gallagher (2010:371–5).

⁴⁰ Mensehandelprotokol, art. 5(2)(a) en (b).

⁴¹ Mensehandelprotokol, art. 5(2)(c); Schäfer (2011:587).

⁴² USAID (2013:10).

⁴³ Araujo (2011:5).

⁴⁴ VN Algemene Vergadering (2015:20).

⁴⁵ VN Algemene Vergadering (2015:20; 2019:16–7); Scarpa (2018:34–6).

⁴⁶ VN Algemene Vergadering (2017:19; 2019:16–7).

⁴⁷ UNODC (2019:8).

⁴⁸ Kruger (2016:64); Jordan (2002:2).

⁴⁹ VN (2020:1).

⁵⁰ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:6).

⁵¹ Schwarz en Allain (2020:23).

⁵² Vir 'n bespreking van die tussentydse bepalings oor kinderhandel in hierdie wet, sien Schäfer (2011:587–9).

⁵³ Vir 'n bespreking van die tussentydse bepalings oor mensehandel in hierdie wet, sien Schäfer (2011:589–91).

⁵⁴ Kruger (2016:64–5).

⁵⁵ Gallagher and Holmes (2008:321).

⁵⁶ Mollema (2014:247–51). Vir 'n kritiese vergelyking tussen die Mensehandelprotokol en die Wet op Mensehandel, sien Kruger (2016:73–9).

⁵⁷ USAID (2013:50–91).

⁵⁸ Blom (2020:1282–95).

⁵⁹ Blom (2020:1282–91).

⁶⁰ Eie invoegings duidelikheidshalwe in kursief.

⁶¹ Mehta (2018:292).

⁶² Artt. 3(a) en 5(1).

⁶³ Kruger (2016:74) bespreek die wenslikheid daarvan om meer handelinge as wat in art. 3(a) van die Mensehandelprotokol vervat is, by die Wet op Mensehandel in te sluit.

⁶⁴ Snyman (2012:99).

⁶⁵ Snyman (2012:102).

⁶⁶ Al die sake waarna hierdie gedeelte verwys, is kinderhandelsake. Soos uit die bespreking in par. 5.2.2 hier onder sal blyk, is die metode-element nie 'n vereiste element van kinderhandelsake nie. Tog gebruik oortreders wél dikwels hierdie onregmatige metodes om kinders met die oog op uitbuiting te verhandel, soos par. 6 hier onder ook toon.

⁶⁷ 2018 1 SASV 20 (GP).

⁶⁸ 2018 1 SASV 20 (GP) 9.

⁶⁹ Sien die bespreking in par. 6.2 hier onder.

⁷⁰ 2013 4 All SA 372 (OKG).

⁷¹ 2013 4 All SA 372 (OKG) 24, 32.

⁷² 2018 1 SASV 20 (GP) 7.

⁷³ Sien die bespreking in par. 6.1.1 hier onder.

⁷⁴ *Ibid.*

⁷⁵ Sien die bespreking in par. 6.2 hier onder.

⁷⁶ Kruger (2016:76–7).

⁷⁷ Aronowitz (2015:10); Zimmerman e.a. (2011:329).

⁷⁸ Art. 233 van die Grondwet is hier van toepassing. Dit bepaal dat hoewel in die vertolking van 'n wet voorkeur behoort te gee aan 'n redelike vertolking wat aan die internasionale reg voldoen bo 'n vertolking wat in stryd met die internasionale reg is.

⁷⁹ Snyman 2012:259.

⁸⁰ UNODC (2009:6, module 1); Kruger (2010:51–2).

⁸¹ 2017-12-14 saaknr. 4SH/144/2016 (Germiston-streekshof).

⁸² Art. 3(a) bepaal soos volg: “Trafficking in persons’ shall mean the recruitment, transportation, transfer, harbouring or receipt of persons, by means of the threat or use of force or other forms of coercion, of abduction, of fraud, of deception, of the abuse of power or of a position of vulnerability or of the giving or receiving of payments or benefits to achieve the consent of a person having control over another person, for the purpose of exploitation. Exploitation shall include, at a minimum, the exploitation of the prostitution of others or other forms of sexual exploitation, forced labour or services, slavery or practices similar to slavery, servitude or the removal of organs.” Sien ook Schwarz en Allain (2020:22); Brhane (2015:129); Aronowitz (2015:4); UNODC (2015:5).

⁸³ Scarpa (2018:27); Dottridge (2004:42).

⁸⁴ UNICEF (2006:9). Sien ook USAID (2013:10); Brhane (2015:129).

⁸⁵ Gallagher (2010:29).

⁸⁶ Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling (2019:11) (eie

beklemtoring).

⁸⁷ Zimmerman e.a. (2011:331).

⁸⁸ Kruger (2017:259).

⁸⁹ Sien artt. 5–10. Mollema (2014:251).

⁹⁰ Art. 23.

⁹¹ Art. 22; Zabyelina (2020:1178).

⁹² Zabyelina (2020:1169–70, 1178); Kruger (2010:368–70).

⁹³ Zimmerman e.a. (2011:330).

⁹⁴ Zabyelina (2020:1169–70, 1178); Kruger (2010:368–70). Sien ook die bespreking in par. 7.1.1 hier onder.

⁹⁵ Zabyelina (2020:1179); Aronowitz (2015:12–13).

⁹⁶ Art. 18; Mollema (2014:255).

⁹⁷ Art. 36; Mollema (2014:259).

⁹⁸ Palmary en Gruchy (2020:57) voer aan dat die Wet op Mensehandel 'n byna identiese omskrywing van mensehandel as die Mensehandelprotokol bevat. “The only difference is that it extends the definition to include the illegal adoption of a child and forced marriage.” Dié bewering is egter verkeerd. Die bepalings oor onwettige aannemings en gedwonge huwelike is nie 'n uitbreiding van die omskrywing van mensehandel nie. Art. 4(1) bevat die omskrywing van mensehandel, en art. 4(2) skep twee nuwe, verbandhoudende dog afsonderlike misdade. Die hof het dit in *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 64 ook so ingesien. Verder verskil die definisie van mensehandel in art. 4(1) van die wet wel van die definisie in art. 3(a) van die Mensehandelprotokol: Sowel die handeling- as die metode-element van die mensehandel-omskrywing in die wet is wyer geformuleer as in die protokol, terwyl die spesifieke omskrywing van die twee elemente van kinderhandel, soos vervat in art. 3(c) van die protokol, in die wet ontbreek.

⁹⁹ Art. 4(2)(a).

¹⁰⁰ Art. 4(2)(b).

¹⁰¹ Prinsloo en Ovens (2015:172); *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) 73.

¹⁰² *Ibid.*

¹⁰³ Prinsloo en Ovens (2015:169); VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:390). Sien ook die bespreking van *S v Jezile* 2016 2 SA 62 (WKK) in par. 6.1.1 hier onder.

¹⁰⁴ Gallagher (2010:392–5).

¹⁰⁵ Sien ook Kangaspunta (2015:86). Volgens art. 1 van die Mensehandelprotokol is die bepalings van die konvensie inderdaad op die protokol van toepassing.

¹⁰⁶ Art. 14.

¹⁰⁷ Art. 13.

¹⁰⁸ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:425).

¹⁰⁹ 2011 1 SASV 49 (HHA).

¹¹⁰ 2011 1 SASV 49 (HHA) 16.

¹¹¹ Aronowitz (2015:11); Zimmerman e.a. (2006:16–22).

¹¹² Inligting oor hierdie sake is regstreeks van amptenare, waaronder polisiebeamptes, staatsaanklaers en lede van provinsiale en nasionale mensehandeltaakspanne, bekom, asook uit e-pos-korrespondensie, opleidingsmateriaal en mediaberiggewing.

¹¹³ 2013 4 All SA 372 (OKG).

¹¹⁴ 2014-6-24 saaknr. RC 92/13 (Nongoma-streekshof, KZN).

¹¹⁵ 2017-10-27 saaknr. RC 123/2013 (Uitenhage-streekshof, OK).

¹¹⁶ 2015-12-1 saaknr. CC70/2015 (GP).

¹¹⁷ 2014-8-21 saaknr. onbekend (Potchefstroom-streekshof, NW).

¹¹⁸ 2015-5-7 saaknr. onbekend, MAS-nr. 73-01-2014 (Stutterheim-streekshof, OK).

¹¹⁹ 2016 2 SA 62 (WKK).

¹²⁰ Sien die bespreking in par. 5.3 hier bo.

¹²¹ 2016 2 SA 62 (WKK) 458–9. Sien ook Prinsloo en Ovens (2015:170–1).

¹²² 2016 2 SA 62 (WKK) 474–7. Sien ook Mwambene en Kruuse (2017:37).

¹²³ 2016 2 SA 62 (WKK) 479.

¹²⁴ 2016 2 SA 62 (WKK) 454, 482.

¹²⁵ 2018 1 SASV 20 (GP).

¹²⁶ 2018 2 SASV 54 (GP).

¹²⁷ 2018 1 SASV 20 (GP) 13; 2018 2 SASV 54 (GP) 55, 64.

- ¹²⁸ 2017-12-14 saaknr. 4SH/144/2016 (Germiston-streekshof). Sien ook par. 5.2.1 hier bo.
- ¹²⁹ 2017-2-28 saaknr. SS14/2016 (GJ).
- ¹³⁰ Saaknr. CC83/2017; De Lange (2018).
- ¹³¹ 2019-7-18 saaknr. onbekend (Carolina-streekshof, Mpumalanga).
- ¹³² Sowetan Live (2019).
- ¹³³ 2017-3-13 saaknr. RC 465/15 (Pinetown-streekshof, KZN).
- ¹³⁴ 2016-5-5 saaknr. RC 681/15 (Pietermaritzburg-streekshof, KZN).
- ¹³⁵ Magubane en Pillay (2016).
- ¹³⁶ 2019-11-21 saaknr. SS45/2018 (GJ).
- ¹³⁷ News24 (2017).
- ¹³⁸ Germaner (2020:6).
- ¹³⁹ *Ibid.*
- ¹⁴⁰ Van der Watt (2019:22).
- ¹⁴¹ UNODC (2018:11).
- ¹⁴² Anti-Slavery International (2014:9).
- ¹⁴³ Anti-Slavery International (2014:5, 15–21); Rodríguez-López (2020:307–8).
- ¹⁴⁴ Anti-Slavery International (2014:5–6); Rodríguez-López (2020:308).
- ¹⁴⁵ Rodríguez-López (2020:309); VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:34–5).
- ¹⁴⁶ Rodríguez-López (2020:310).
- ¹⁴⁷ Brhane (2015:135); Anti-Slavery International (2014:21); Frankel (2016:56, 93); Hackney (2015:109–10).
- ¹⁴⁸ VSA Departement van Buitelandse Sake (2018:390; 2008:33); Kruger (2010:75–6).
- ¹⁴⁹ VSA Departement van Buitelandse Sake (2008:33).
- ¹⁵⁰ UNODC (2009:7, module 1); Dottridge (2004:25). In *S v Rasibe Jaqueline Ramohlola* het die handelaar teen ’n groot vergoeding ’n “aanneming” vir ’n ouerlose egpaar bewerkstellig – sien par. 6.1.1 hier bo.
- ¹⁵¹ UNODC (2009:6, module 1); Hackney (2015:113–4). Sien die bespreking van *S v*

Fabiao in par. 5.2.1 hier bo.

¹⁵² Dottridge (2004:27).

¹⁵³ Frankel (2016:92–3, 97–8).

¹⁵⁴ ECPAT International (2019:18–9); Emser en Van der Watt (2019:112).

¹⁵⁵ Sien die bespreking in par. 6.2 hier bo.

¹⁵⁶ ECPAT International (2019:18). Die voorkoms van hierdie verskynsel in Suid-Afrika is ook bevestig in Hoss en Blokland (2018:2–3); Thobejane e.a. (2017:8717–9); *NT v Kunene* 2017 4 All SA 865 (GJ) 26.

¹⁵⁷ Thobejane e.a. (2017:8716–9); Hoss en Blokland (2018:2–3,10).

¹⁵⁸ Sien par. 5.2.2 hier bo.

¹⁵⁹ ECPAT International (2019:18).

¹⁶⁰ Van der Watt en Van der Westhuizen (2017:219); Van der Watt (2018:36–40).

¹⁶¹ *Ibid.*

¹⁶² IOM (2004:22).

¹⁶³ Scarpa (2018:29); Dottridge (2017:61); Brhane (2015:132).

¹⁶⁴ Rodríguez-López (2020:304); UNODC (2015:8).

¹⁶⁵ Korvinus e.a. (2006:3).

¹⁶⁶ UNODC (2015:118).

¹⁶⁷ Art. 1.

¹⁶⁸ Sien die bespreking in par. 7.1.1 hier bo.

¹⁶⁹ UNODC (2015:118); Korvinus e.a. (2006:2–3).

¹⁷⁰ Zimmerman e.a. (2006:16–22); Aronowitz (2015:11); Blom (2020:1282–91).

¹⁷¹ Zimmerman e.a. (2011:327).

¹⁷² Zimmerman e.a. (2011:329).

¹⁷³ *Ibid.*

¹⁷⁴ Mehta (2018:292).

¹⁷⁵ UNHCR (2001:7).

¹⁷⁶ UNODC (2015:119).

¹⁷⁷ Sien die bespreking van die saak in par. 6.1.1 hier bo.

¹⁷⁸ UNODC (2015:118).

¹⁷⁹ *Ibid.*

¹⁸⁰ Zimmerman e.a. (2006:3); Dottridge (2004:42); Aronowitz (2015:12–3).

¹⁸¹ Art. 15(1).

¹⁸² Art. 15(6).

¹⁸³ Art. 16(2)(a).

¹⁸⁴ In *S v Dos Santos* en *S v Mabuza* is slagoffers byvoorbeeld onwettig van Mosambiek ingebring, en in *S v Fabiao* van Zimbabwe. Sien bespreking in parr. 6.1.2 en 6.2 hier bo.

¹⁸⁵ Volgens *Sk 39078*, prok. R32 het die Wet op Mensehandel op 9 Augustus 2015 in werking getree, buiten artt. 15, 16 en 31(2)(b)(ii).

¹⁸⁶ VSA Departement van Buitelandse Sake (2019:424–5).

¹⁸⁷ Kangaspunta (2015:89).

¹⁸⁸ Zimmerman e.a. (2011:330).

¹⁸⁹ Aronowitz (2015:12–3); Zimmerman e.a. (2006:3).

¹⁹⁰ Aronowitz (2015:13).

¹⁹¹ Art. 123(1)–(6).

¹⁹² Gallagher (2010:370).

LitNet Akademies (ISSN 1995-5928) is geakkrediteer by die SA Departement Onderwys en vorm deel van die Suid-Afrikaanse lys goedgekeurde vaktydskrifte (South African list of Approved Journals). Hierdie artikel is portuurbeoordeel vir LitNet Akademies en kwalifiseer vir subsidie deur die SA Departement Onderwys.
